

# An Exposition of the Seven Church Ages

## Chapter Nine

### Die Laodicense Kerktydperk

Openbaring 3:14-22

*"En skryf aan die engel van die gemeente van die Laodicense:*

*Dit sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God;*

*Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm!*

*Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug.*

*Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie.*

*Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien.*

*Almal wat ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou.*

*Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop; As iemand My stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.*

*Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het.*

*Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê."*

#### **Die Stad Van Laodicea**

Die naam, Laodicea, wat beteken: "mense se regte" was baie gewoon en is aan verskeie stede gegee in eerbied aan koninklike dames wat so genoem was. Hierdie stad was een van die polities belangrike en finansiële florerende stede in Klein-Asië. Enorme hoeveelhede van eiendom was bemaak aan die stad deur prominente burgers. Dit was die setel van 'n groot mediese skool. Sy mense was gekenmerk in die kuns en wetenskap. Dit was dikwels die 'hoofstad' genoem omdat dit die provinsie setel was vir vyf-en-twintig ander stede. Die heidense god wat daar aanbid is, was Zeus. Die feit is dat hierdie stad eenmaal genoem was Diopolis (Stad van Zeus) ter ere van hulle god. In die vierde eeu is daar 'n belangrike kerkvergadering hier gehou. Gereelde aardbewings het uiteindelik veroorsaak dat dit heeltemal verlate was.

Hoe gepas was die karaktertrekke van hierdie laaste eeu om die eeu te verteenwoordig waarin ons nou lewe. Byvoorbeeld, hulle het een god aanbid, Zeus, wat die hoof en vader van die gode was. Dit voorspel die twintigste eeu se 'een God, vader-van-ons-almal' godsdienstige uitgangspunt wat voortbring die broederskap van mense, en bring selfs nou die Protestante bymekaar, Katolieke, Jode, Hindus, ens. met die intensie dat 'n gemeenskaplike vorm van aanbidding ons liefde, begrip en omgee vir mekaar sal vermenigvuldig. Die Katolieke en Protestante strewe selfs nou vir, en is besig om veld te wen in hierdie eenwording met die toegewyde voorneme dat ander sal volg. Hierdie einste gesindheid is gesien in die Verenigde Volke Organisasie toe die wêreldleiers geweier het om enige individu van geestelike aanbidding te herken, maar het voorgestel om al die afsonderlike konsepte opsy te skuif met die hoop dat alle godsdienste saamsmelt in een, want hulle almal begeer dieselfde doel, almal het dieselfde voorneme en almal is basies reg.

Let op die naam, Laodicea, 'die mense se regte', of 'geregtigheid van die mense.' Was daar ooit 'n eeu soos die twintigste eeu kerktydperk wat ALLE nasies in opstand gesien kom en gelykheid geëis het, sosiaal en finansiële? Hierdie is die eeu van die kommuniste waar alle mense blykbaar gelyk is, hoewel dit net so in teorie is. Hierdie is die eeu van politieke partye wat hulleself Christen Demokrate noem, en Christelike Sosialiste, Christen Statebond Federasie, ens. Volgens ons liberale teoloë was Jesus 'n sosialis en die vroeë kerk onder die leiding van die Gees het sosialisme gepraktiseer, en so behoort ons vandag te doen.

Toe die oues Laodicea die hoofstad genoem het, het hulle vooruit gekyk na die eenwereldregering wat ons nou opstel. As ons dink aan daardie stad wat die plek is van 'n groot kerkraad, sien ons die voorafskaduwing van die ekumeniese beweging wat vandag plaasvind, waarin ons baie spoedig al die

'sogenaamde' Christene sal sien bymekaarkom. Inderdaad, die kerk en staat, godsdiens en politiek kom bymekaar. Die onkruid word gebind. Die koring sal spoedig gereed wees vir die skuur.

Dit was 'n stad van aardbewings, sulke aardbewings wat dit uiteindelik vernietig het. Hierdie eeu sal eindig met God wat die hele wêreld skud wat oorgegaan het om liefde te maak met die ou hoer. Nie alleen sal wêreldstelsels verkrummel nie, maar die einste aarde sal geskud en dan vernuwe word vir die duisendjarige heerskappy van Christus.

Die stad was ryk, begiftig deur die rykes. Dit was vol van kultuur. Wetenskap het gefloreer. Baie soos vandag. Die kerke is ryk. Die aanbidding is pragtig en formeel, maar koud en dood. Kultuur en geleerdheid het die plek van die Geesgegewe Woord geneem, en geloof is vervang deur wetenskap, sodat die mens 'n slagoffer is van materialisme.

In elke eienskap word antieke Laodicea weer gebore in die twintigste eeu Laodicensiese Tydperk. In die genade van God, mag diegene wat 'n oor het om te hoor, uit haar kom, sodat hulle nie deelgenote van haar sondes en die gevolglike oordeel is nie.

### Die Laodicensiese Eeu

Die Laodicensiese Eeu het begin ongeveer met die draai van die Twintigste eeu, miskien 1906. Hoe lank sal dit aanhou? As 'n diensknecht van God wat menige visioene gehad het, waarvan GEEN ooit gefaal het nie, laat my voorspel (ek het nie gesê profeteer nie, maar voorspel) dat hierdie eeu sal eindig rondom 1977. As julle 'n persoonlike nota hier sal verskoon, ek baseer hierdie voorspelling op sewe groot aanhoudende visies wat na my toe gekom het een Sondagoggend in Junie, 1933. Die Here Jesus het met my gepraat en gesê dat die koms van die Here gou naderkom, maar voordat Hy kom, sal sewe groot gebeurtenisse plaasvind. Ek het hulle almal neergeskryf en daardie oggend het ek die openbaring van die Here vertel. Die eerste visioen was dat Mussolini Ethiopië sal binneval en daardie nasie sou "val op sy voetstappte". Daardie visioen het sekerlik teenreaksies veroorsaak, en sommige was baie kwaad toe ek dit gesê het en wou dit nie glo nie. Maar dit het so gebeur. Hy het net daar ingeloopt met sy moderne wapens en oorgeneem. Die swartes het nie 'n kans gehad nie. Maar die visioen het ook gesê dat Mussolini sou 'n verskriklike einde hê met sy eie mense wat teen hom draai. Dit het presies net so gebeur soos dit gesê was.

Die volgende visioen het voorspel dat 'n Oostenryker met die naam van Adolph Hitler sou opstaan as diktator oor Duitsland, en dat hy die wêreld in oorlog sou trek. Dit het die Siegfriedlyn gewys en hoe ons troepe 'n verskriklike tyd sou hê om dit te oorkom. Toe het dit gewys dat Hitler tot 'n geheimsinnige einde sou kom.

Die derde visioen was in die sfeer van wêreldpolitiek, want dit het my gewys dat daar drie groot ISMEs sou wees, Fascisme, Sosialisme, Kommunisme, maar dat die eerste twee ingesluk sou word deur die derde. Die stem het vermaan: "HOU RUSLAND DOP, HOU RUSLAND DOP Hou jou oog op die Koning van die Noorde."

Die vierde visioen het die groot vooruitgang in die wetenskap gewys wat na die tweede wêreld oorlog sou kom. Dit was voorgestel in die visioen as 'n plastiek borrel-top motor wat gery het op pragtige hoofweë onder afstandbeheer, sodat daardie mense gelyk het asof hulle sit in hierdie motor sonder 'n stuurwiel en hulle het een of ander soort speletjie gespeel om hulleself te amuseer.

Die vyfde visioen het te doen met die morele probleem van ons tyd, gesentreer meestal rondom vroue. God het my gewys dat vroue begin het om uit hulle plek te wees met die vergunning van die stem. Toe het hulle hulle hare afgesny, wat gewys het hulle was nie meer onder die gesag van 'n man nie, maar het aangedring op gelyke regte, of in die meeste gevalle, meer as gelyke regte. Sy het manskere aangeneem en het in 'n staat van uittrek ingegaan, totdat die laaste foto wat ek gesien het was 'n vrou nakend, behalwe vir 'n vyeblaar tipe voorskoot. Met hierdie visioen het ek die verskriklike perversie en moreel benarde situasie van die hele wêreld gesien.

Toe in die sesde visioen het daar in Amerika 'n baie mooi, maar wrede vrou opgestaan. Sy het die mense in haar volkome mag gehou. Ek het geglo dat hierdie die opstaan van die Rooms Katolieke Kerk was, hoewel ek geweet het dit kon moontlik 'n visioen gewees het van 'n vrou wat in groot mag in Amerika gestaan het as gevolg van populêre stem deur vroue.

Die laaste en sewende visioen was waar ek 'n allervreeslikste ontploffing gehoor het. Soos ek gedraai het om te kyk, het ek niks behalwe puin, kraters en rook gesien regoor die land van Amerika nie.

Gebasseer op hierdie sewe visioene, saam met die vinnige veranderinge wat die wêreld in die laaste vyftig jaar beleef het, VOORSPEL ek (ek profeteer nie) dat hierdie visioene almal sal gebeur het teen 1977. En al voel soveel dat hierdie 'n onverantwoordelike verklaring is met die oog op die feit dat Jesus gesê het dat 'geen mens weet die dag of die uur nie.' Ek hou steeds by hierdie voorspelling na dertig jaar want, Jesus het NIE gesê dat geen mens die jaar kon weet, maand of week waarin Sy koms voltooi sou

word nie. So ek herhaal, ek glo opreg en staan by dit as 'n privaat student van die Woord, saam met Goddelike inspirasie dat 1977 behoort die wêreldstelsels te eindig en die millennium in te bring.

Nou laat my dit sê. Kan enige van daardie visioene verkeerd bewys? Was hulle nie almal vervul nie? Ja, elkeen is vervul, of is in die proses nou. Mussolini het Ethiopië binnegeval, toe geval en dit alles verloor. Hitler het 'n oorlog begin wat hy nie kon klaarmaak nie en het geheimsinnig gesterf. Kommunisme het beide die ander twee ISMes oorgeneem. Die plastiek borrel-top motor is gebou en wag net vir beter tipe paaie. Vrouens is amper nakend en het selfs nou kaal bolywe. En net die ander dag het ek in 'n tydskrif die einste rok gesien wat ek in my visioen gesien het (as julle dit 'n rok kan noem). Dit was 'n plastiese deursigtige tipe van materiaal met drie donkerder kolle wat beide borste in 'n klein area bedek het, en dan was daar 'n donkerder plek soos 'n klein voorskoot onder. Die Katolieke Kerk is aan die opkom. Ons het een Katolieke president gehad en sal sonder twyfel nog 'n ander hê.

Wat is oor? Niks behalwe Hebreërs 12:26 nie. *"Toe het Sy stem die aarde geskud; maar nou het Hy belowe en gesê: Nog een maal laat Ek nie alleen die aarde nie, maar ook die hemel bewe."* Weereens sal God die aarde skud en daarmee alles losskud wat geskud kan word. Dan sal Hy dit vernuwe. Net verlede Maart, 1964, daardie Goeie Vrydag aardbewing van Alaska het die hele wêreld geskud hoewel dit nie die hele wêreld ongebalanseerd gemaak het nie. Maar God het gewaarsku deur 'n wêreldskudding wat Hy binnekort sal doen op 'n groter skaal. Hy gaan die sondevervloekte wêreld laat ontplof en ruk, my broer, my suster, en daar is net een plek wat daardie skok kan deurstaan, en dit is in die kraal van die Here Jesus. En ek smek jou terwyl God se genade steeds beskikbaar is vir jou, dat jy jou hele lewe gee, onvoorwaardelik vir Jesus Christus, Wie as die getroue Herder jou sal red en vir jou sorg en jou foutloos aanbied in heerlijkheid met geweldige groot vreugde.

### Die BoodsAPPER

Ek twyfel sterk of enige eeu waarlik die boodskapper herken het wat God gestuur het, behalwe in die eerste eeu waar Paulus die boodskapper was. En selfs in daardie eeu het baie hom nie herken vir wat hy was nie.

Nou die eeu waarin ons lewe gaan 'n baie kort een wees. Gebeure gaan baie vinnig plaasvind. So die boodskapper van hierdie Laodicensiese Eeu moet nou hier wees, hoewel ons hom nog nie ken nie. Maar daar sal sekerlik 'n tyd moet kom dat hy bekend word. Nou ek kan dit bewys omdat ons Skrifte het wat sy bediening beskryf.

Eerste van alles, daardie boodskapper gaan 'n profeet wees. Hy sal die amp van 'n profeet hê. Hy sal die profetiese bediening hê. Dit sal gebaseer wees solied op die Woord omdat as hy profeteer of 'n visioen het, sal dit altyd "Woord georiënteer" wees en dit sal ALTYD waar word. Hy sal bevestig word as 'n profeet vanweë sy akkuraatheid.

Die bewys dat hy 'n profeet is word gevind in Openbaring 10:7.

*"Maar in die dae van die stem van die sewende engel, wanneer hy met die basuin sal blaas, dan is die verborgenheid van God volbring, soos Hy die blye tyding verkondig het aan sy diensknegte, die profete."*

Nou hierdie persoon wat in hierdie vers 'n 'engel' genoem word in die Koning James weergawe, is NIE 'n hemelse wese nie. The sesde basuinende engel, wat 'n hemelse wese is, is in Openbaring 9:13, en die sewende van dieselfde orde is in Openbaring 11:15. Hierdie een hier in Openbaring 10:7 is die sewende eeu boodskapper en dit is 'n man, en hy moet 'n boodskap bring van God, en sy boodskap en bediening gaan die verborgenheid van God beëindig soos verklaar aan Sy diensknegte, die profete. God gaan hierdie laaste boodskapper behandel as 'n profeet, WANT HY IS 'N PROFEET. Dit is wat Paulus was in die eerste eeu, en die laaste eeu het ook een.

Amos 3:6-7,

*"Sal die basuin in die stad geblaas word en die bevolking nie skrik nie? Sal daar 'n onheil in die stad voorval as die Here dit nie bewerk het nie?"*

*"Want die Here Here doen niks tensy Hy Sy raadsbesluit aan Sy knegte, die profete, geopenbaar het nie."*

Dit was in die eindtydperk dat die sewe donderslae van Jesus voortgekom het. Openbaring 10:3-4,

*"en het met 'n groot stem uitgeroep soos 'n leeu wat brul, en toe hy uitgeroep het, het die sewe donderslae hulle stemme laat hoor."*

*"En toe die sewe donderslae hulle stemme laat hoor het, wou ek skrywe; maar ek het 'n stem uit die hemel vir my hoor sê: Verseël wat die sewe donderslae gespreek het, en skryf dit nie op nie."*

Wat in daardie donderslae was, weet niemand nie. Maar ons het nodig om te weet. En dit sal 'n profeet neem om die openbaring te kry, omdat God geen ander manier het om Sy Skriftuurlike openbaringe te bring behalwe deur 'n profeet nie. Die Woord het altyd gekom deur 'n profeet en sal altyd. Dat dit die wet van God is, is duidelik deur selfs 'n rustige ondersoek van die Skrif. Die onveranderlike God met onveranderlike maniere het Sy profeet altyd gestuur in elke eeu waar die mense afgedwaal het van Goddelike orde. Met beide die teoloë en die mense wat weg is van die Woord, het God altyd Sy kneg na hierdie mense gestuur (maar weg van die teoloë) ten einde vals onderrig te korrigeer en die mense terug te lei na God.

So ons sien 'n sewende eeu boodskapper kom, en hy is 'n profeet.

Nie net sien ons hierdie boodskapper kom hier in Openbaring 10:7 nie, maar ons vind dat die Woord praat van Elía wat kom voor Jesus terugkom.

In Mattheus 17:10,

*"En Sy dissipels vra Hom en sê: Waarom sê die skrifgeleerdes dan dat Elía eers moes kom?" En Jesus antwoord en sê vir hulle: "Dis waar, Elia kom eers en sal alles herstel;"*

Voor die koms van ons Here, moet Elia terugkom vir 'n werk van restorasie in die kerk.

Dit is wat Maleági 4:5 sê,

*"Kyk, Ek stuur julle die profeet Elia voordat die groot en vreeslike dag van die Here aanbreek. En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie."*

Daar is absoluut geen twyfel dat Elía moet terugkeer voor die koms van Jesus nie. Hy het 'n spesifieke werk om te doen. Daardie werk is die deel van Maleági 4:6 wat sê "hy sal die hart van die kinders tot hulle vaders terugbring". Die rede waarom ons weet dat dit sy spesifieke werk is om te doen op daardie tyd, is omdat hy alreeds die deel gedoen het wat sê: "hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders," toe die Elía-bediening hier was in Johannes die Doper.

Lukas 1:17,

*"En hy sal voor Hom uit gaan in die gees en die krag van Elía, om die harte van die vaders terug te bring tot die kinders en die ongehoorsames tot die gesindheid van die regverdiges, om vir die Here 'n toegeruste volk te berei."*

In die bediening van Johannes om die "harte van die vaders terug te bring tot die kinders." Ons weet dit omdat Jesus so gesê het. Maar dit sê nie dat die harte van die kinders terug na die vaders gedraai is nie. Dit moet nog plaasvind. Die harte van die laaste dag kinders sal terug gedraai word na die Pinkster vaders. Johannes het die vaders gereed gekry vir Jesus om die kinders in die kraal te verwelkom. Nou hierdie profeet op wie die Gees van Elía val, sal die kinders voorberei om Jesus terug te verwelkom.

Jesus het Johannes die Doper genoem, Elía.

Mattheus 17:12,

*"maar Ek sê vir julle dat Elía al gekom het, en hulle het hom nie erken nie, maar aan hom alles gedoen wat hulle wou."*

Die rede waarom hy Johannes Elía genoem het, was omdat dieselfde Gees wat op Elía was, teruggekom het op Johannes, selfs soos daardie Gees op Elisa teruggekom het na die heerskappy van Koning Agab. Nou weereens sal daardie Gees terugkom op 'n ander man net voor Jesus kom. Hy sal 'n profeet wees. Hy sal as sodanig bevestig word deur God. Aangesien Jesus, Homself, nie hier sal wees in die vlees om hom te regverdig nie, (soos Hy met Johannes gedoen het) sal dit gedoen word deur die Heilige Gees sodat hierdie profeet se bediening bygewoon word deur 'n groot en wonderlike manifestasie. As 'n profeet, sal elke openbaring regverdig word, want elke openbaring sal plaasvind. Wonderlike dade van krag sal gedoen word op sy bevele in geloof. Dan sal die boodskap voortgebring word wat God hom gegee het in die Woord om die mense terug na die waarheid te bring en die ware krag van God. Sommige sal luister maar die meerderheid sal getrou bly aan die algemene patroon en hom verwerp.

Aangesien hierdie profeet boodskapper van Openbaring 10:7 dieselfde sal wees as Maleági 4:5-6, sal hy natuurlik soos Elía en Johannes wees. Beide was mans uitgesonder van die aanvaarde godsdienstige skole van hulle dag. Beide was mans van die wildernis. Beide het net gehandel as hulle "So spreek die Here," reguit van God deur openbaring gehad het. Beide het uitgeroep teen die godsdienstige bepalinge en leiers van hulle dag. Maar nie net was dit so nie, hulle het uitgeroep teen almal wat korrup was, of wat ander sleg beïnvloed het. En let op, beide het baie geprofeteer teen die immorele vroue en hulle weë. Elía het uitgeroep teen Isébel, en Johannes het Herodias bestraf, Filippus se vrou.

Alhoewel hy nie gewild sal wees nie, sal hy deur God geregverdig word. Soos Jesus Johannes bevestig het en die Heilige Gees Jesus bevestig het, kan ons verwag dat hierdie man eerste van alles bevestig sal word deur die Gees wat werk in sy lewe in die handeling van krag wat onbetwisbaar is en nêrens anders gevind word nie; en Jesus Homself, sal hom op sy beurt bevestig, net soos Hy Johannes bevestig het. Johannes het getuig dat Jesus sou kom—en so sal hierdie man, soos Johannes, getuig dat Jesus kom. En die einste terugkeer van Christus sal bewys dat hierdie man inderdaad die voorloper van Sy tweede koms was. Dit is die finale bewys dat dit wel die profeet van Maleági 4 is, want aan die einde van die Heidense periode sal Jesus, Homself, verskyn. Dan sal dit te laat wees vir diegene wat hom verwerp het.

Ten einde om ons aanbidding duidelik te maak van hierdie laaste dag profeet, laat ons presies oplet dat die profeet van Mattheüs 11:12, Johannes die Doper was, wie die een was wat voorspel was in Maleági 3:1,

*"Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan; dan sal skielik na sy tempel kom die Here na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die Here van die leerskare."*

Mattheus 11:1-12,

*"En toe Jesus klaar was met bevele aan sy twaalf dissipels te gee, het Hy daarvandaan weggegaan om te leer en te preek in hulle stede.*

*En Johannes het in die gevangenis gehoor van die werke van Christus, en twee van sy dissipels gestuur*

*en vir Hom gesê: Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?*

*En Jesus het geantwoord en vir hulle gesê: Gaan vertel aan Johannes wat julle hoor en sien:*

*blindes sien weer en die kreupeles loop, melaatses word gereinig en dowes hoor, dooies word opgewek en aan armes word die evangelie verkondig.*

*En salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie.*

*En toe hulle vertrek, begin Jesus vir die skare aangaande Johannes te sê: Wat het julle uitgegaan om in die woestyn te aanskou? 'n Riet wat deur die wind beweeg word?*

*Maar wat het julle uitgegaan om te sien? 'n Man met sagte klere aan? Kyk, die wat sagte klere dra, is in die huise van konings.*

*Maar wat het julle uitgegaan om te sien? 'n Profeet? Ja, Ek sê vir julle, ook baie meer as 'n profeet.*

*Want dit is hy van wie daar geskrywe is: Kyk, Ek stuur My boodskapper voor U aangesig, wat U weg voor U uit sal regmaak.*

*Voorwaar Ek sê vir julle, onder die wat uit vroue gebore is, het daar nie een opgestaan wat groter is as Johannes die Doper nie; maar die kleinste in die koninkryk van die hemele is groter as hy.*

Hierdie het alreeds plaasgevind. Dit het gebeur. Dit is verby. Maar let nou op in Maleági 4:1-6,

*"Want kyk, die dag kom, en dit brand soos 'n oond. Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, 'n stoppel wees; en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek, sê die Here van die leerskare; sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlaat nie.*

*Maar vir julle wat my Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal.*

*En julle sal die goddelose vertrap, want hulle sal soos stof wees onder julle voetsole op die dag wat Ek skeep, sê die Here van die leerskare.*

*Dink aan die wet van Moses, my kneg, wat Ek hom beveel het op Horeb vir die hele Israel, met insettinge en oordele.*

*Kyk, Ek stuur julle die profeet Elia voordat die groot en vreeslike dag van die Here aanbreek.*

*En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie.*

Kyk, onmiddellik na die koms van HIERDIE Elía, sal die aarde gereinig word deur vuur en die goddelose verbrand tot as. Natuurlik, dit het NIE gebeur in die tyd van Johannes nie (die Elía vir sy dag.) Die Gees van God wat die koms van die boodskapper in Maleági 3:1 geprofeteer het (Johannes), het Sy vorige profetiese verklaring van Jesaja 40:3 herhaal wat hy gemaak het ten minste drie eeue terug.

*"n Stem van een wat roep: Berei in die woestyn die weg van die Here; maak gelyk in die wildernis 'n grootpad vir onse God."*

Nou Johannes, deur die Heilige Gees, het beide Jesaja en Maleági in Matthéüs 3:3 uitgedruk,

*"Want dit is hy van wie deur die profeet Jesaja gesprek is toe hy gesê het: Die stem van een wat roep in die woestyn: Berei die weg van die Here, maak Sy paaie reguit."*

So ons kan wel sien uit hierdie Skrifte dat die profeet in Maleági 3, wat Johannes was, NIE die profeet van Maleági 4 was nie, alhoewel inderdaad beide Johannes en hierdie laaste-dag profeet het op hulle dieselfde Gees Wat op Elía was.

Nou hierdie boodskapper van Maleági 4 en Openbaring 10:7 gaan twee dinge doen. Een: Volgens Maleági 4 sal hy die harte van die kinders na die vaders draai. Twee, Hy sal die verborgenhede van die sewe donderslae openbaar in Openbaring 10 wat die openbaringe in die sewe seëls is. Dit sal hierdie Goddelik geopenbaarde 'geheime waarhede' wees wat letterlik die harte van die kinders tot die pinkstervaders draai. Presies so.

Maar oorweeg dit ook. Hierdie profeet-boodskapper sal in sy natuur en maniere wees soos Elía en Johannes. Die mense van hierdie profeet-boodskapper se dag sal wees soos hulle in Agab se dag was, en in Johannes s'n. En aangesien dit "NET DIE KINDERS" is wie se harte gedraai sal word, is dit net die kinders wat sal luister. In die dae van Agab was net 7,000 ware saad Israëliete gevind. In die dae van Johannes was daar ook baie min. Die massas in albei eeue was in die ontug van afgodery

Ek wil nog een vergelyking tref tussen die Laodicensiese profeet-boodskapper en Johannes, die profeet-boodskapper wat Jesus se eerste koms voorafgegaan het. Die mense in Johannes se dag het hom verkeerdelik gesien as die Messias.

Johannes 1:19-20,

*"En dit is die getuienis van Johannes, toe die Jode uit Jerusalem priesters en Leviëte gestuur het om hom te vra: Wie is u? En hy het erken en nie ontken nie, maar het erken: Ek is nie die Christus nie."*

Nou hierdie laaste dag profeet-boodskapper sal soveel krag hê voor die Here dat daar diegene sal wees wat hom vir die Here Jesus sal aansien.

(Daar sal 'n gees in die wêreld wees aan die eindtyd wat sommige sal verlei en hulle dit sal laat glo.

Mattheus 24:23-26,

*"As iemand dan vir julle se: Kyk, hier is die Christus! of: Daar - moet dit nie glo nie. Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei."*

*Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê.*

*As hulle dan vir julle sê: Kyk, Hy is in die woestyn - moenie uitgaan nie; kyk, Hy is in die binnekamer - moet dit nie glo nie."*

Julle moet dit nie glo nie. Hy is nie Jesus Christus nie. Hy is nie die Seun van God nie. HY IS EEN VAN DIE BROERS, 'N PROFEET, 'N BOODSKAPPER, 'N DIENSKNEG VAN GOD. Hy het nie meer eer nodig as wat op hom gestort is, as dit wat Johannes ontvang het toe hy die stem was wat uitgeroep het, "Ek is nie Hy nie, MAAR HY KOM NA MY."

Voor ons hierdie gedeelte afsluit van die boodskapper van die Laodicensiese Eeu, moet ons hierdie twee gedagtes ernstig oorweeg. Eerstens, hierdie eeu sal EEN Profeet-Boodskapper hê. Openbaring 10:7, sê: "Wanneer hy (enkelvoud) met die basuin sal blaas." Daar was nog nooit 'n eeu waar God Sy mense twee groot profete op een tyd gegee het nie. Hy het Henog gegee (alleen), Hy het Noag gegee (alleen), Hy het Moses gegee (hy alleen het die Woord gehad hoewel ander geprofeteer het); Johannes die Doper het ALLEEN gekom. Nou in hierdie laaste dag sal daar 'n PROFEET wees (nie 'n profetes nie—alhoewel in hierdie eeu is daar na bewering meer vroue wat bely om God se openbaring te gee as mans), en die onfeilbare Woord sê dat hy (die profeet) sal die verborgenhede openbaar aan die eindtyd mense, en die harte van die kinders terugdraai na die vaders.

Daar is diegene wat sê dat God se mense bymekaar sal kom deur 'n kollektiewe openbaring. Ek daag

daardie verklaring uit. Dit is 'n kaal, ongeldige veronderstelling in die lig van Openbaring 10:7. Nou ek ontken nie dat mense sal profeteer in hierdie laaste eeu nie en hulle bedienings kan en sal korrek wees. Ek ontken nie dat daar profete sal wees nie, selfs soos in die dae van Paulus toe daar "een Agabus 'n profeet was wat geprofeteer het van 'n hongersnood." Ek stem saam dit is so. MAAR EK ONTKEN VOLGENS DIE ONFEILBARE BEWYS VAN DIE WOORD DAT DAAR MEER AS EEN GROOT PROFEET-BOODSKAPPER IS WAT DIE VERBORGENHEDE SAL OPENBAAR SOOS BEVAT IN DIE WOORD, EN WIE DIE BEDIENING HET OM DIE HARTE VAN DIE KINDERS TERUG TE DRAAI NA DIE VADERS. "So spreek die Here" staan deur Sy onfeilbare Woord, en sal staan en bevestig word. Daar is een profeet-boodskapper vir hierdie eeu.

Op grond van menslike gedrag alleen, enigiemand weet dat waar daar baie mense is, dan is daar selfs verdeelde menings op kleiner punte van 'n groot leerstelling wat hulle almal saam hou. Wie sal dan die krag van onfeilbaarheid hê wat in hierdie laaste eeu herstel moet word, want hierdie laaste eeu gaan terugkeer na die manifestasie van die Suiwer Woord Bruid? Dit beteken ons sal weereens die Woord hê soos dit perfek gegee is, en perfek verstaan is in die dae van Paulus. Ek sal julle sê wie dit sal hê. Dit sal 'n profeet wees so deeglik bevestig, of selfs meer deeglik bevestig as wat enige ander profeet in al die eeue was van Henog tot hierdie dag, want hierdie man sal deur noodsaaklikheid die hoofsteen profetiese bediening hê, en God sal hom uitwys. Hy sal nie nodig hê om vir homself te praat nie, God sal vir hom spreek deur die stem van die teken. Amen.

Die tweede gedagte wat op ons harte gestempel moet word, is dat die sewe kerkeue begin het met die antichris gees sowel as die Heilige Gees Wat vir ewig geseën sal word.

I Johannes 4:1,

*"Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan."*

Het julle dit opgelet? Die antichris gees word geïdentifiseer met vals profete. Die eeue het ingekom met vals profete en hulle sal uitgaan met vals profete. Nou natuurlik gaan daar 'n REGTE VALS PROFEET wees in die sin van daardie man genoem in Openbaring. Maar nou voor sy openbaring sal daar baie vals profete te voorskyn kom.

Mattheus 24:23-26,

*"As iemand dan vir julle sê: Kyk, hier is die Christus! of: Daar! - moet dit nie glo nie."*

*Want daar sal valse Christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei."*

*"Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê."*

*As hulle dan vir julle sê: Kyk, Hy is in die woestyn - moenie uitgaan nie; kyk, Hy is in die binnekamer - moet dit nie glo nie."*

Hierdie vals profete is geormerk vir ons in verskeie ander Skrifte soos die volgende.

II Petrus 2:1-2,

*"Maar daar was ook valse profete onder die volk, net soos daar onder julle valse leraars sal wees wat verderflike ketterye heimlik sal invoer, en ook die Here wat hulle gekoop het, verloën en 'n vinnige verderf oor hulleself bring;*

*en baie sal hulle verderflikhede navolg, en om hulle ontwil sal die weg van die waarheid gelaster word."*

II Timotheus 4:3-4,

*"want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede,*

*en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels."*

I Timotheus 4:1,

*"Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang"*

Nou in elke geval sal julle oplet dat 'n vals profeet een is wat buite die Woord is. Net soos ons julle gewys het dat 'antichris' beteken 'anti-Woord', so kom hierdie vals profete en verdraai die Woord, wat

dit 'n betekenis gee wat hulle eie duiwelse eindes pas. Het julle ooit opgelet hoe die mense wat ander mislei, hulle naby aan hulleself bind deur vrees? Hulle sê dat as die mense nie doen wat hulle sê nie, of as hulle weggaan, dan sal vernietiging volg. Hulle is vals profete, want 'n ware profeet sal een altyd lei na die Woord en die mense bind aan Jesus Christus en hy sal nie die mense vertel om hom te vrees of wat hy sê nie, maar om te vrees wat die Woord sê. Merk hoe hierdie mense soos Judas daarop uit is vir geld. Hulle kry jou om alles wat jy het te verkoop en dit vir hulle te gee en hulle skemas. Hulle spandeer meer tyd aan offerhandes as aan die Woord. Hulle wat probeer om gawes te werk, sal gebruik maak van 'n gawe wat 'n gaping het vir foute en dan vir geld vra, en die Woord nalaat en noem dit is van God. En mense sal na hulle gaan, en hulle verdra, hulle ondersteun, en hulle glo, en nie weet dit is die weg van die dood nie.

Ja, die land is vol vleeslike nabootsers. In daardie laaste dag sal hulle probeer om die profeet-boodskapper na te boots. Die sewe seuns van Sceva het Paulus probeer naboots. Simon die towenaar het probeer om Petrus na te boots. Hulle nabootsings sal vleeslik wees. Hulle sal nie in staat wees om te lewer wat die ware profeet lewer nie. Wanneer hy sê die herlewing is oor, dan sal hulle rondgaan en aanspraak maak op 'n groot openbaring dat dit wat die mense het, is presies reg en God gaan groter en meer wonderlike dinge doen onder die mense. En die mense sal daarvoor val. Hierdie selfde vals profete sal aanspraak maak daarop dat die boodskapper van die laaste dag nie 'n teoloog is nie, so hy behoort nie gehoor te word nie. Hulle sal nie in staat wees om te doen wat die boodskapper kan nie; hulle sal nie deur God bevestig word soos daardie laaste dag profeet nie, maar met hulle groot opgeblaaide woorde en met die gewig van hulle wereldwye bekendheid sal hulle die mense waarsku om nie na die man (boodskapper) te luister nie en hulle sal sê hy leer verkeerd. Hulle loop presies getrou aan hulle vaders, die Fariseërs, wat van die duiwel was, want hulle het aanspraak gemaak dat beide Johannes en Jesus verkeerd geleer het.

Nou waarom kom hierdie vals profete teen die ware profeet en diskrediteer sy onderrig? Omdat hulle getrou is aan die vorm soos wat hulle voorvaders gedoen het toe hulle in die dae van Agab vir Miga weerstaan het. Daar was vierhonderd van hulle en hulle almal het saamgestem; en omdat hulle almal dieselfde ding gesê het, het hulle die mense mislei. Maar EEN profeet—net een—was reg en die res was verkeerd, omdat God die openbaring aan NET EEN toevertrou het.

Pasop vir vals profete, want hulle is rasende wolwe.

As jy steeds in enige twyfel is oor dit, vra God deur Sy Gees om jou te vul en jou te lei, WANT DIE WARE UITVERKORENES KAN NIE BEDRIEG WORD NIE. Het julle dit gesnap? Daar is geen mens wat jou kan mislei nie. Paulus kon nie enige uitverkorenes bedrieg nie, as hy verkeerd sou wees. En in daardie eerste Efésiëse Eeu kon die uitverkorenes daar nie mislei word nie, want hulle het die vals apostels en profete probeer en gevind dat hulle leunaars was en het hulle uitgeskop. Halleluja. SY skape hoor Sy stem en hulle volg HOM. Amen. Ek glo dit.

### Die Groet

Openbaring 3:14,

*"Dit sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God:"*

Goeieste, is dit nie die wonderlikste beskrywing van die eienskappe van ons lieflike Here en Verlosser, Jesus Christus nie? Hierdie woorde maak dat ek wil skree. Hulle bring so 'n gees van werklikheid in my hart. Net deur dit te lees sonder om selfs te wag vir 'n deeglike openbaring van die Gees daarop, verbly my.

Jesus gee ons hierdie beskrywing van Homself ten opsigte van die laaste eeu. Die dae van genade word min. Hy het van die eerste eeu af gekyk tot die twintigste, en ons alle dinge vertel aangaande hierdie eeue. Voor Hy die karaktertrekke van die laaste eeu aan ons openbaar, gee Hy ons een finale kyk na Sy eie genadige en allerhoogste Godheid. Hierdie is die hoeksteen openbaring van Homself.

So spreek die "AMEN". Jesus is die Amen van God. Jesus is die "So Laat Dit Wees" van God. Amen staan vir finaliteit. Dit staan vir goedkeuring. Dit staan vir heersende belofte. Dit staan vir onveranderlike belofte. Dit staan vir die seël van God.

Ek wil hê julle moet nou versigtig oplet en sien iets regtig dierbaar en mooi. Ek het gesê dit is Sy eindtyd openbaring van Homself. Wanneer die dag van genade sluit, dan kom die millennium baie spoedig daarna, nie waar nie?

Wel, lees saam met my Jesaja 65:16-19.

*"sodat hy wat homself seën in die land, hom sal seën by die God van waarheid; en hy wat sweer in die land, sal sweer by die God van waarheid, omdat die vorige benoudhede vergeet is en verborge vir My oë.*



*Want kyk, Ek skep nuwe hemele en 'n nuwe aarde, en aan die vorige dinge sal nie gedink word en hulle sal in die hart nie opkom nie.*

*Maar wees julle bly en juig vir ewig oor wat Ek skep; want kyk, Ek skep Jerusalem om te juig, en sy mense om bly te wees.*

*En Ek sal juig oor Jerusalem en bly wees oor my volk; en daarin sal nie meer gehoor word die stem van geweene of die stem van geskreeu nie.*

Dit is oor die Nuwe Jerusalem. Hierdie is die millennium. Maar soos ons in die millennium ingaan, hoor wat Hy sê oor hoe om 'n sekere soort God te wees, Vers 16,

*"sodat hy wat homself seën in die land, hom sal seën by die God van waarheid."*

Ja, dit is waar, maar die ware vertaling is nie "God van waarheid" nie. Dit is "God van die AMEN". So ons lees dit: "sal homself seën in die God van die AMEN, en hy wat in die land sweer sal by die God van die AMEN sweer; omdat die vorige probleme vergete is, en omdat hulle verborge is van My oë. Want, kyk, Ek skep nuwe hemele en 'n nuwe aarde, en die vorige sal nie onthou word nie, nog in gedagte kom. Maar wees julle bly en verheug vir ewig in dit wat Ek skep, want, kyk, ek skep Jerusalem 'n jubeling, en haar mense 'n vreugde. En Ek sal jubel in Jerusalem, en verheug wees in My mense: en die stem van geweene sal nie meer in haar gehoor word nie; nog die stem van geskreeu," Halleluja. Hier is Jehova van die Ou Testament: "die God van die Amen". Hier is Jesus van die Nuwe Testament: "die God van die Amen". Hoor, O Israel, die Here jou God is EEN God. Daar is dit weer, die Jehova van die Ou Testament is die Jesus van die Nuwe. "Luister, O, Israel die Here jou God is EEN God." Die Nuwe Testament openbaar nie 'n ANDER God nie, dit is 'n verdere openbaring van die EEN EN DIESELFDE GOD. Christus het nie afgekome om Homself bekend te maak nie. Hy het nie gekome om die Seun te openbaar nie. Hy het gekome om die Vader te openbaar en bekend te maak. Hy het nooit gepraat van twee Gode nie; Hy het gepraat van EEN God. En nou in hierdie laaste eeu, het ons teruggekome na die hoofsteen openbaring, die belangrikste openbaring van Godheid in die hele Bybel, dit is, JESUS IS GOD, HY EN DIE VADER IS EEN: DAAR IS EEN GOD, EN SY NAAM IS DIE HERE JESUS CHRISTUS.

Hy is die God van die Amen. Hy verander nooit. Wat Hy doen verander nooit. Hy sê dit, en dit staan vas. Hy doen dit, en dit is vir ewig. Niemand kan wegvat van wat Hy sê of daarby voeg nie. So laat dit wees. Amen. So laat dit wees. Is julle nie bly dat julle daardie soort God dien nie? Jy kan presies weet waar jy staan met Hom op enige tyd en die hele tyd. Hy is die AMEN God en sal nie verander nie.

*"Hierdie dinge sê die AMEN."*

Ek hou daarvan. Dit beteken dat wat ookal Hy gesê het, is finaal. Dit beteken wat ookal Hy gesê het aan die eerste eeu en aan die tweede en al die eeue oor Sy eie ware kerk en omtrent die vals wingerdstok, is presies reg en dit sal nie verander nie. Dit beteken dat waarmee Hy begin het in Génesis, sal Hy eindig in Openbaring. Hy moet, want Hy is die Amen, SO LAAT DIT WEES Nou kan ons weer sien waarom die Duiwel die Boeke van Génesis en Openbaring haat. Hy haat die waarheid. Hy weet die waarheid sal standhou. Hy weet wat sy uiteinde sal wees. Hoe beveg hy dit. Maar ons is aan die wenkant. Ons (Ek bedoel die gelowiges van Sy Woord, alleen) is aan die Amen kant.

*"Hierdie dinge sê die Getroue en Waaragtige Getuie."* Nou ek wil julle wys wat ek vind in die gedagte van "getrou". Julle weet ons praat dikwels oor 'n groot onveranderlike God, Wie se Woord nie verander nie. En wanneer ons praat van Hom op daardie manier, dan kry ons dikwels 'n siening van Hom wat Hom baie onpersoonlik maak. Dit is asof God die hele heelal gemaak en al die wette wat daarmee te doen het en toe teruggestaan en 'n onpersoonlike God geword het. Dit is asof God 'n weg gemaak het van verlossing vir die verlore mensdom, die weg is die kruis, en toe het die dood van Christus ons sondes versoene, en Sy opstanding het ons 'n oop deur gegee tot Hom, God het net Sy arms gevou en teruggestaan. Dit is asof ons belangrikste geloof in 'n groot Skepper was, Wie geskep het, en persoonlike belang in Sy skepping verloor het. Nou ek sê dit is hoe te veel mense geneig is om te dink. Maar dit is verkeerde denke, want God HEERS OOR DIE SAKE VAN DIE MENS REG NOU. HY IS BEIDE SKEPPER EN ONDERSTEUNER.

Kolossense 1:16-17.

*"want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte - alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape.*

*En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand".*

Hy is 'n Soewereine God. Deur Sy eie besluit het Hy die doel van die plan van redding voorgestel vir Sy eie uitverkorenes wat Hy geken het. Die Seun het gesterf op die kruis om die manier van Verlossing te bewys en die Heilige Gees voer die wil van die Vader versigtig uit. Hy werk alle dinge op hierdie

oomblik volgens die doel van Sy eie wil uit. Hy is reg in die midde daarvan. Hy is in midde van Sy kerk. Hierdie groot Skepper, Verlosser-God werk getrou onder Sy eie reg nou as die groot Herder van die skape. Sy hele bestaan is vir Sy eie. Hy het hulle lief en gee om vir hulle. Sy oog is altyd op hulle. Wanneer die Woord sê dat "julle lewens is verborge met Christus in God" beteken dit presies wat dit sê. O, ek is so bly dat my God getrou bly. Hy is getrou aan Homself, Hy sal nie lieg nie. Hy is getrou aan die Woord, Hy sal dit rugsteun. Hy is getrou aan ons, Hy sal nie een van ons verloor nie, maar sal ons opwek in die laaste dag. Ek is bly dat ek in Sy betroubaarheid kan rus.

Filippense 1:6.

*"omdat ek juis hierop vertrou, dat Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus;"*

*"Hy is die Ware Getuie."*

Nou hierdie woord, waar, is dieselfde woord wat ons daar gesien het in Openbaring 3:7. Julle onthou dat dit nie beteken 'waar' die teenoorgestelde van "vals" nie.' Dit het 'n ryker, dieper betekenis by verre. Dit druk perfekte realisering uit in teenstelling met gedeeltelike realisering. Nou terug in die Filadelfiese Eeu, die koms van die Here het nader gekom. Watter groot liefde het daardie eeu vir Hom gemanifesteer.

Dit herinner my aan daardie pragtige woorde van I Petrus 1:8,

*"vir wie julle, al het julle Hom nie gesien nie, tog liefhet; in wie julle, al sien julle Hom nou nie, tog glo en julle verbly met 'n onuitspreeklike en heerlike blydschap,"*

Met hulle verbly ons ook. Ons het Hom nie gesien nie, maar ons het Hom gevoel. Ons ken Hom nou soveel as wat ons beperkte sintuie ons kan toelaat. Maar eendag sal dit van aangesig tot aangesig wees. Dit is vir hierdie eeu. Hy kom teen die einde van hierdie eeu. Gedeeltelike realisering sal PERFЕКTE REALISERING word, VOLTOOIDE REALISERING. Halleluja! Ons het deur 'n donker spieël gekyk, maar spoedig sal dit van aangesig tot aangesig wees. Ons het van heerlijkheid tot heerlijkheid gegaan, maar spoedig sal dit reg in die heerlijkheid wees; en in SY HEERLIKHEID SAL ONS SKYN. ONS SAL SOOS HY WEES, WONDERBAARLIK SOOS HY, JESUS, ONS GODDELIKE VERLOSSER! Is dit nie wonderlik nie? Ons is volledig in Hom. Dit is waar. Hy sal nie lieg oor dit nie. Maar eendag sal ons verander word in die atome. Ons sal onsterflikheid aantrek. Ons sal almal verslind word deur die lewe. Dan sal ons REALISERING REALISEER.

*"Hy is die Getroue en Ware Getuie."*

Nou ons dink aan daardie woord, 'getuie.' Wel, daardie woord is die een waar ons die woord 'martelaar' vandaan kry. Die Bybel praat van Stefanus en Antipas en ander as martelare. Hulle was martelare; hulle was ook getuies. Jesus was 'n getroue martelaar. Die Heilige Gees is die getuie daarvan. Die Gees hou rekord daarvan. Die wêreld het Jesus gehaat. Dit het Hom doodgemaak. Maar God het Hom liefgehad en Hy het na die Vader gegaan. Die bewys dat Hy na die Vader gegaan het, is dat die Heilige Gees gekom het. As Jesus nie deur die Vader ontvang is nie, sou die Gees nie gekom het nie.

Lees dit in Johannes 16:7-11.

*"Maar Ek sê julle die waarheid; Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur.*

*En as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel:*

*van sonde, omdat hulle in My nie glo nie;*

*en van geregtigheid, omdat Ek na My Vader gaan en julle My nie meer sal sien nie;*

*en van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is."*

Die teenwoordigheid van die Heilige Gees in hierdie wêreld in plaas van Jesus hier, bewys dat Jesus regverdig was en het na die Vader gegaan.

Maar dit sê ook in Johannes 14:18.

*"Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe."*

Hy het die vertrooster gestuur. Hy WAS DIE VERTROOSTER. Hy het teruggekom in die GEES op die ware kerk. Hy is die getroue en ware GETUIE in die midde van die kerk. Maar eendag gaan Hy weer in die vlees terugkom. Hy sal dan bewys Wie die enigste wyse heerser is—dit is Hy, Jesus Christus die Here van Heerlikheid.

Getroue en Ware Getuie, Skepper en Onderhouer, Perfekte Realisering, die Amen van God.

O, hoe lief het ek Hom, hoe aanbid ek Hom, Jesus die Seun van God.

Ek wil my gedagtes sluit met hierdie deel van die groet met hierdie woorde van

II Korinthiërs 1:18-22.

*"So waar as God getrou is - ons woord tot julle was nie ja en nee nie!*

*Want die Seun van God, Jesus Christus, wat deur ons onder julle verkondig is, deur my en Silvanus en Timotheus, was nie ja en nee nie, maar was ja in Hom.*

*Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlijkheid van God deur ons.*

*Maar Hy wat ons saam met julle bevestig in Christus en ons gesalf het, is God, wat ons ook verseël het en die Gees as onderpand in ons harte gegee het.*

*"Die Begin Van Die skepping Van God."*

Dit is Wie die Here Jesus sê Hy is. Maar daardie woorde beteken nie presies soos wat hulle vir ons klink nie. Deur dit net te vat op die manier hoe dit klink, het 'n paar mense (in werklikheid menigte van mense) die idee gegee dat Jesus die eerste skepping van God was, wat Hom laer maak as Godheid. Dan het hierdie eerste skepping die res van die heelal geskep en wat ookal dit bevat. Maar dit is nie reg nie. Julle weet dit stem nie ooreen met die res van die Bybel nie. Die woorde is: "Hy is die BEGINNER of SKRYWER van die skepping van God." Nou ons weet verseker dat Jesus God is, einste God. Hy is die Skepper.

Johannes 1:3,

*"Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ontstaan wat ontstaan het nie."*

Hy is die Een van Wie dit gesê is, Gen. 1:1

*"In die begin het God die hemel en die aarde geskape."*

Dit sê ook in Exodus 20:11,

*"Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus."*

Sien, daar is geen twyfel dat Hy die Skepper is nie. Hy was die Skepper van 'n VOLTOOIDE FISIESE SKEPPING.

Sekerlik kan ons nou sien wat hierdie woorde nou beteken. Om enige ander interpretasie te hê sou beteken dat God God geskape het. Hoe kon God geskep word as Hy, Homself, die Skepper is?

Maar nou staan Hy in die midde van die Kerk. Soos Hy daar staan en openbaar Wie Hy is in hierdie laaste eeu, noem Hy Homself die "Outeur van die skepping van God". Hierdie is 'n ANDER SKEPPING. Dit het te doen met die kerk. Hierdie is 'n spesiale identifikasie van Homself. Hy is die SKEPPER van daardie kerk. Die hemelse Bruidegom het Sy eie Bruid geskape. As die Gees van God, het Hy neergedaal en geskep in die maagdelike Maria die selle waarvan Sy liggaam gebore is. Ek wil dit herhaal. Hy het die einste selle geskep in die baarmoeder van Maria vir daardie liggaam. Dit was nie genoeg vir die Heilige Gees om slegs lewe te gee aan 'n menslike eier wat deur Maria verskaf is nie. Dit sou sondige mensdom wees wat 'n liggaam voortbring. Dit sou nie die "Laaste Adam" voortbring nie. Van Hom was gesê "Kyk 'n liggaam het U (Vader) voorberei vir My." God (nie Maria nie) het daardie liggaam voorsien. Maria was die menslike broeikas en sy het daardie Heilige Kind gedra en aan Hom geboorte gegee. Dit was 'n God-man. Hy was die Seun van God. Hy was van die NUWE skepping. Mens en God het ontmoet en verenig; Hy was die eerste van hierdie nuwe ras. Hy is die hoof van hierdie nuwe ras.

Kolossense 1:18,

*"En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees."*

II Korinthiërs: 5:17

*"Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword."*

Daar kan julle dit sien dat hoewel die mens van die OU ORDE of skepping was, nou in VERENIGING MET JESUS, het hy die NUWE SKEPPING van God geword.

Efesiers 2:10,

*"Want ons is sy maaksel, GESKAPE IN CHRISTUS JESUS tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel."*

Efésiërs 4: 24,

*"en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid."*

Hierdie Nuwe Skepping is nie die ou skepping wat oorgemaak is nie, of anders kon dit nie 'n nuwe skepping genoem word nie. Dit is presies wat dit sê dit is: "NUWE SKEPPING". Dit is 'n ander skepping, onmiskenbaar van die ou een. Hy deel nie langer deur middel van die vlees nie. Dit was hoe Hy met Israel gedeel het. Hy het Abraham gekies, en van Abraham se nageslag deur die godvresende Isak-lyn. Maar nou uit elke familie, stam en nasie het Hy 'n nuwe skepping beoog. Hy is die eerste van daardie skepping. Hy was God geskape in die vorm van die mens. Nou deur Sy Gees skeep Hy baie Seuns vir Homself. God die Skepper, wat Homself 'n deel van Sy skepping gemaak het.

Hierdie is die ware openbaring van God. Hierdie was Sy doel. Hierdie doel het vorm aangeneem deur uitverkiesing. Dit is waarom Hy reg kon kyk tot die laaste eeu wanneer alles oor sou wees en Homself sien steeds in die midde van die kerk, as outeur van hierdie Nuwe Skepping van God. Sy Soewereine krag het dit laat gebeur. Deur Sy eie bepaling het Hy die lidmate van hierdie Nuwe Skepping uitverkies. Hy het hulle voorbestem tot die aanneming as kinders volgens die goeie plesier van Sy wil. Deur Sy alwetendheid en almag het Hy dit laat gebeur. Hoe anders kon Hy weet dat Hy sou staan in die midde van die kerk en glorie ontvang van Sy broers as Hy nie seker gemaak het nie? Alle dinge het Hy geweet, en alle dinge het Hy uitgewerk volgens wat Hy geweet het in dat Sy doel en goeie plesier vervul sou word.

Efesiers 1:11

*"in Hom in wie ons ook 'n erfdeel ontvang het nadat ons vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles bewerk volgens die raad van sy wil,"*

Halleluja! Is julle nie bly dat julle aan Hom behoort nie!

### **Die Boodskap Aan Die Laodicensiese Eeu**

Openbaring 3:15-19

*"Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm!*

*Maar nou, omdat jy lou is, en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit My mond spuug.*

*Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie.*

*Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien.*

*Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou."*

Soos ons dit saam gelees het is ek seker dat julle opgelet het dat die Gees nie een goeie ding gesê het van hierdie eeu nie. Hy maak twee aanklagte en verklaar Sy uitspraak oor hulle.

### **(1) Openbaring 3:15,16**

*"Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie.*

*Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug."*

Ons gaan versigtig kyk hierna. Dit sê dat hierdie Laodicensiese kerkegroep is louwarm. Hierdie louwarmheid vereis 'n straf van God. Die boete is dat hulle uit Sy mond gespoeg sal word. Hier is waar ons nie wil verdwaal soos 'n klomp mense doen nie. Hulle sê onwyslik dat God jou uit Sy mond kan spoeg en dit bewys dat daar nie so-iets of enige waarheid is vir die doktrine van die volharding van die Heiliges nie. Ek wil julle denke nou korrigeer. Hierdie vers word nie gegee aan 'n individu nie. Dit is gegee aan die kerk. Hy praat met die kerk. Verder, as jy net die Woord in gedagte wil hou, dan sal jy onthou dat dit

nêrens sê dat ons in die MOND van God is nie. Ons is gegraveer op Sy palms. Ons word gedra in Sy boesem. Lank terug in die onbekende eeue voor tyd was ons in Sy gedagte. Ons is in Sy skaapkraal, en in Sy weivelde, maar nooit in Sy mond nie. Maar, wat is in die mond van die Here? Die Woord is in Sy mond.

Mattheus 4:4

*"Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan."*

Die Woord is veronderstel om ook in ons monde te wees. Nou ons weet dat die kerk Sy liggaam is. Dit neem hier Sy plek in. Wat sal in die mond van die kerk wees? Die WOORD.

I Petrus 4:11,

*"As iemand spreek, laat dit wees soos woorde van God;"*

II Petrus 1:21,

*"want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek."*

Wat is dan verkeerd met hierdie mense van die laaste dag? HULLE HET WEGGEGAAN VAN DIE WOORD. HULLE IS NIE MEER VURIG DAAROO NIE. HULLE IS LOUWARM DAAROO. Ek gaan dit nou bewys.

Die Baptiste het hulle geloofsbelydenisse en dogmas gebaseer op die Woord en jy kan hulle nie skud nie. Hulle sê die apostoliese dae van wonderwerke is verby en daar is geen Doping met die Heilige Gees nie, wat volg nadat jy glo. Die Metodiste sê (gebaseer op die Woord) daar is geen waterdoop nie (besprinkeling is nie doop nie) en dat heiligmaking is die Doping met die Heilige Gees. Die Kerk van Christus sit meer belangrikheid in wedergeboorte-doop en in teveel gevalle gaan hulle af as droë sondaars en kom op as nattes. Tog hulle maak aanspraak dat hul doktrine Woord gebaseer is. Gaan regaf in die ry en kom by die Pinksters. Het hulle die Woord? Gee hulle die Woordtoets en sien. Hulle sal die Woord vir 'n sensasie verkoop net omtrent elke keer. As jy 'n manifestasie soos olie en bloed kan voortbring en tale en ander tekens, of dit in die Woord is of nie, of behoorlik uitgelê deur die Woord, sal die meerderheid daarvoor val. Maar wat het gebeur met die Woord? Die Woord is opsy gesit, so God sê: "Ek gaan teen julle almal. Ek sal julle uit My mond spoeg. Dit is die einde. Vir sewe uit sewe eeue het ek niks anders gesien as mense wat hulle eie woord bokant Myne ag nie. So aan die einde van hierdie eeu gaan Ek julle uit My mond spoeg. Dit is alles verby. Ek gaan praat. Ja, ek is hier in die midde van die Kerk. Die Amen van God, getrou en waar sal Homself openbaar en dit sal WEES DEUR MY PROFEET." O ja, dit is so.

Openbaring 10:7

*"maar in die dae van die stem van die sewende engel, wanneer hy met die basuin sal blaas, dan is die verborgenheid van God volbring, soos Hy die blye tyding verkondig het aan sy diensknegte, die profete."*

Daar is dit. Hy stuur 'n geregverdigde profeet. Hy stuur 'n profeet na omtrent tweeduisend jaar. Hy stuur iemand wat so ver van organisasie is, geleerdheid, en die wêreld van godsdiens dat soos Johannes die Doper en Elía van ouds, Hy slegs van God sal hoor en hy sal "so sê die Here" hê en vir God spreek. Hy sal God se mondstuk wees en HY, SOOS DIT VERKLAAR IS IN MALEAGI 4:6, SAL DIE HARTE VAN DIE KINDERS TERUGBRING TOT DIE VADERS. Hy sal die uitverkorenes van die laaste dag terugbring en hulle sal 'n geregverdigde profeet hoor wat die presiese waarheid sal gee soos wat dit was met Paulus. Hy sal die waarheid herstel soos hulle dit gehad het. En daardie uitverkorenes met hom in daardie dag sal diegene wees wat waarlik die Here manifesteer en sal Sy Liggaam wees en Sy stem wees en Sy werke doen. Halleluja! Sien julle dit?

'n Momentele oorweging van kerkgeskiedenis sal bewys hoe akkuraat hierdie gedagte is. In die Donker Eeue was die Woord amper heeltemal verlore vir die mense. Maar God het Luther gestuur met die WOORD. Die Lutherane het gespreek vir God op daardie tyd. Maar hulle het georganiseer, en weereens was die suiwer Woord verlore, want organisasie neig na dogmas en leerstellings en nie eenvoudige Woord nie. Hulle kon nie langer vir God praat nie. Toe het God Wesley gestuur, en hy was die stem met die Woord in sy dag. Die mense wat sy openbaring van God geneem het, het die lewende briewe geword wat gelees en bekend geword het deur alle mense vir hulle geslag. Toe die Metodiste gefaal het, het God andere opgerig en so het dit voortgegaan deur die jare tot in hierdie laaste dag waar daar weer ander mense in die land is, wat onder hulle boodskapper die finale stem aan die finale eeu sal wees.

Ja meneer. Die kerk is nie meer die "mondstuk" van God nie. Dit is sy eie mondstuk. So God draai

teen haar. Hy sal haar verwar deur die profeet en die bruid, want die stem van God sal in haar wees.

Ja, dit is, want dit sê in die laaste hoofstuk van Openbaring vers 17.

*"En die Gees en die bruid sê: Kom!"*

Weereens sal die wêreld direk van God hoor soos by Pinkster; maar natuurlik sal daardie Woord Bruid verwerp wees soos in die eerste eeu.

Nou het Hy uitgeroep na hierdie laaste eeu: "Jy het die Woord. Julle het meer Bybels as ooit, maar julle doen niks omtrent die Woord nie behalwe om dit te verdeel en dit in stukke te kap, wat wat julle wil hê en los uit wat julle nie wil hê nie. Julle is nie geïnteresseerd om dit te LEWE nie, maar debattee dit. Ek sou eerder dat julle koud of warm was. As julle koud was en dit verwerp het, kon ek dit verduur. As jy sou witwarm word om die waarheid te ken en dit leef, sou ek jou daarvoor prys. Maar as jy eenvoudig My Woord neem en dit nie eer nie, moet ek in ruil weier om jou te eer. Ek sal jou uitspoeg want jy maak My naar.

Nou enigeen weet dat dit loutwarm water is wat jou siek maak op jou maag. As jy nodig het om te braak, is loutwarm water die beste ding om te drink. 'n Loutwarm kerk het God siek gemaak en Hy het verklaar Hy sal dit uitspoeg. Herinner ons hoe Hy net voor die vloed gevoel het, nie waar nie?

O, God sou wou dat die kerk koud of warm wees. Beste van alles, sy behoort vurig te wees (warm). Maar sy is nie. Vonnis is gevel. Sy is nie meer God se stem aan die wêreld nie. Sy sal volhou dat sy is, maar God sê nee.

O, God het steeds 'n stem vir die mense van die wêreld, selfs soos Hy 'n stem gegee het aan die bruid. Daardie stem is in die bruid soos ons gesê het en ons sal meer daarvan praat later.

## **(2) Openbaring 3:17-18,**

*"Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie.*

*Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en self om jou oë te self, sodat jy kan sien."*

Nou kyk na die eerste frase van hierdie vers: "omdat julle sê". Sien, hulle het gepraat. Hulle het gepraat as die mondstuk van God. Hierdie bewys presies wat ek gesê het verse 16-17 beteken. Maar hoewel hulle dit gesê het, maak dit dit nie reg nie. Die Katolieke Kerk sê sy praat namens God, sê sy is die versekerde stem van die Here. Hoe enige mense so geestelik wreed kan wees gaan my te bowe, maar hulle produseer volgens die saad wat in hulle is, en ons weet waar daardie saad vandaan gekom het, nie waar nie?

Die Laodicensiese kerk sê: "Ek is ryk en verryk met goedere, en het aan niks gebrek nie." Dit was haar selfskatting. Sy het na haarself gekyk en dit is wat sy gesien het. Sy het gesê: "Ek is ryk," wat beteken sy is ryk in die dinge van hierdie wêreld.

Sy spog in die aangesig van Jakobus 2:5-7,

*"Luister, my geliefde broeders - het God nie die armes van hierdie wêreld uitverkies as rykes in die geloof en erfgename van die koninkryk wat Hy beloof het aan die wat Hom liefhet nie?*

*Maar julle het die arm man oneer aangedoen. Is dit nie juis die rykes wat julle oorweldig en julle voor die regbanke sleep nie?*

*Is dit nie hulle wat die edele Naam belaster wat oor julle aangeriep is nie?"*

Nou ek sê nie dat 'n ryk persoon kan nie Geestelik wees nie, maar ons almal weet dat die Woord sê baie min is. Dit is die armes wat oorheersend is in die liggaam van die ware kerk. Nou dan, as die kerk vol rykdom word, dan weet ons net een ding: "Ikabod" is geskryf oor haar hekke! Jy kan dit nie ontken nie, want dit is die Woord.

Praat van rykdom in die kerk—wel daar was nooit so 'n vertoning van rykdom nie. Die pragtige heiligdomme is vermenigvuldig in getal soos nooit tevore nie. Die verskillende groepe kompeteer met mekaar om te sien wie die grootste en die pragtigste kan bou. En hulle bou opleidingsentrums van onskatbare miljoene, en daardie geboue word slegs 'n uur of twee in 'n week gebruik. Nou dit is nie so 'n verskriklike ding nie, maar hulle verwag hierdie tydjie wat gespandeer word deur die kinders in die geleerdheid area om die plek te vat van die onderrig wat veronderstel is om te gebeur by die huis.

Geld het ingestroom in die kerk sodat verskillende denominasies aandeel en verbande, fabriek, oliebronne, en versekeringsmaatskappye besit. Hulle het geld in welsyn- en aftreefondse gestort. Nou dit klink goed, maar dit het 'n strik geword vir die predikers, want as hulle besluit om hulle groep te verlaat vir meer lig of die liefde van God, is hulle pensioene verlore vir hulle. Meeste kan dit nie verduur nie en hulle bly by die onderskeie groepe.

Nou moenie vergeet dat dit die laaste eeu is nie. Ons weet dat dit die laaste eeu is omdat Israel teruggegaan het na Palestina. As ons glo dat Hy regtig gaan kom, dan moet daar iets verkeerd wees met hulle wat so grenseloos bou. Dit laat mens dink dat hierdie mense beplan om hier vir ewig te bly, of dat die koms van Jesus honderde jare weg is.

Weet julle dat godsdiens vandag bekend is as groot besigheid? Dit is 'n absolute feit dat hulle besigheidsbestuurders aanstel in die kerke om te kyk na die finansies. Is dit wat God begeer? Het Sy Woord ons nie in die Boek van Handeling geleer dat sewe mans vol van die Heilige Gees en geloof die Here in besigheidsake gedien het nie? Julle kan sekerlik sien waarom God gesê het: "JULLE sê julle is ryk; ek het nooit so gesê nie."

Daar is radioprogramme, televisieprogramme, en verskeie kerkdinge wat miljoene en miljoene dollars kos. Rykdom stroom en stroom in die kerk in, die lidmate vermeerder met die geld, tog word die werk nie gedoen soos wanneer dit gedoen was toe daar geen geld was nie, maar die mense het alleenlik op die vermoë staat gemaak wat vir hulle gegee was deur die Heilige Gees.

Daar is betaalde predikers, betaalde assistente, betaalde predikers van musiek en geleerdheid, betaalde kore, betaalde bewaarders, programme, en vermaak—alles wat groot somme kos, maar vir dit alles, verminder die krag. Ja, die kerk is ryk, maar die krag is nie daar nie. God beweeg deur Sy Gees, nie deur die hoeveelheid geld of talent in die kerk nie.

Nou ek wil julle wys hoe duiwels hierdie aandrag vir geld geword het. Die kerke het alles gedoen om 'n lidmaatskap te kry, veral van die rykes. Oral is daar die uitroep om godsdiens so aantreklik en aanloklik te maak dat die ryk en gekultiveerdes almal wat wêreldse aansien het, in sal kom en aktief in die kerk wees. Kan hulle nie verstaan dat as rykdom die kenmerk van geestelikheid is nie, dan het die wêreld reeds God, het alles van God, en die kerk het niks?

*"Jy sê ek is ryk en het verryk geword."*

Dit beteken letterlik 'Ek het Geestelike rykdom.' Hierdie klink soos die millennium met strate van goud en die teenwoordigheid van God. Maar ek wonder of dit so is. Is die kerk regtig ryk in die Geestelike dinge van God? Laat ons hierdie Twintigste-Eeu Laodisensiese spogery in die lig van die Woord ondersoek.

As die kerk waarlik Geestelik ryk was, sou sy invloed op die gemeenskap se lewens gevoel word. Maar presies watter soort lewens lewe hierdie sogenaamde geestelike en invloedryke mense van die gemeenskap? Uit in die voorstede, uit in die beter klas distrikte, daar floreer vrou-uitruil skemas, prostitusie, en groepe van kinders wat partytjies opbreek, wat 'n skrikwekkende tol eis in eiendomskaad. Onsedelikheid het 'n hoogtepunt bereik in losbandige seksaksies, dwelmverslaafdes, dobbelary, stelery en alle soorte van kwaad. En die kerke gaan voort om aanspraak te maak oor hoe goed hierdie geslag is, hoe vol is die kerke en hoe ontvanklik selfs die swartes op die sendingvelde is. Die kerk het die mense oorgegee aan die dokters, veral die sielkundiges. Hoe dit kan spog om Geestelik ryk te wees is meer as wat ek weet. Dit is nie waar nie. Hulle is bankrot en weet dit nie.

Kyk goed om jou. Ondersoek die mense soos hulle verbyloop. In die menigtes wat julle sien, kan julle die sien wat die voorkoms het van Christene? Kyk hoe hulle aantrek, kyk hoe hulle optree, hoor wat hulle sê, kyk waar hulle gaan. Sekerlik daar moet 'n ware getuie wees van die nuwe geboorte onder al diegene wat ons sien verbygaan. Maar daar is min. Tog vandag vertel die fundamentele kerke ons dat hulle het miljoene wat gered is en selfs Geesvervuld. Geesvervuld? Kan julle vroue Geesgevol noem wat rondgaan met gekartelde kort hare, kort- en langbroeke, en halternekke en kortbroekies, geverf soos Isébel? As die aangetrek is in beskeie klere soos dit 'n christen betaam, dan sou ek haat om te dink wat dit sou wees as ek 'n onweloweglike vertoning moes sien.

Nou ek weet dat die vroue nie die style voorstel nie. Hollywood doen dit. Maar luister dames, hulle verkoop steeds materiaal en naaimasjiene. Julle hoef nie te koop wat in die winkels is en dit dan as verskoning gebruik nie. Hierdie is 'n dodelike ernstige probleem waar ek nou ingaan. Het julle nie in die Skrif gelees nie dat wanneer 'n man na 'n vrou kyk en haar begeer in sy hart, het hy alreeds owerspel gepleeg met haar in sy hart? En veronderstel jy het aangetrek op so 'n manier om dit te veroorsaak? Dit maak jou sy maat in sonde, selfs al sou jy absoluut onbewus wees daarvan, synde 'n ware maagd met geen sulke begeertes nie. Tog hou God jou aanspreeklik en jy sal geoordeel word.

Nou ek weet julle dames hou nie van hierdie soort prediking nie, maar suster, jy is absoluut verkeerd

in wat jy doen. Die Bybel verbied jou om jou hare te sny. God het dit vir 'n bedekking gegee. Hy het 'n bevel gegee vir jou om dit lank te dra. Dit is jou heerlikheid. Wanneer jy jou hare sny het jy aangedui dat jy die hoofskap van jou man verlaat het. Soos Eva het jy uitgestap en op jou eie gegaan. Julle het stemreg gekry. Julle het mans se werk gevat. Julle het opgehou om vroulik te wees. Julle behoort te bekeer en terug te kom na God. En as al dit nie sleg genoeg is nie, 'n hele klomp van julle het die idee aangeneem dat julle die preekstoele kan inneem en die kerkkampte wat God vir mans en vir mans alleen gereserveer het. O, ek het 'n seer plek aangeraak het ek nie? Wel, wys my een plek in die Bybel waar God ooit enige vrou verorden het om te preek of om gesag te neem oor 'n man, en ek sal verskoning vra vir wat ek gesê het. Julle kan nie vind dat ek verkeerd is nie. Ek is reg, want ek staan by die Woord en in die Woord. As jy Geestelik ryk was sou jy weet dat dit waar is. Daar is niks waar behalwe die Woord nie. Paulus het gesê: "Ek sal nie toelaat dat 'n vrou onderrig of om wederverregtelik gesag oor die man te neem nie." Jy kan onmoontlik 'n plek onder die vyfvoudige bediening van Efésiërs 4 neem en nie outoriteit oor mans neem nie. Suster, jy moet liever na daardie Woord luister. Dit was nie die Gees van God wat manifesteer in 'n Geesvervulde lewe wat vir jou gesê het om te preek nie, want die Gees en die Woord is EEN. Hulle sê dieselfde ding. Iemand het 'n fout gemaak. Iemand was bedrieg. Word wakker voor dit te laat is. Satan het Eva bedrieg, jou moeder; hy bedrieg nou die dogters. Mag God jou help.

*"Ek het niks nodig nie."*

Nou wanneer enigeen sê: "Ek het niks nodig nie," kon hy baie goed sê: "Ek het alles", of hy kon sê: "Ek wil nie meer hê nie, want ek is nou vol." Jy kan dit uitdruk op enige manier wat jy wil, en dit alles kom by die feit dat die kerk selfvoldaan is. Sy is tevrede met wat sy het. Sy dink óf sy het alles óf het genoeg. En dit is presies wat ons vandag vind. Watter denominasie maak nie aanspraak daarop dat DIT die openbaring het nie en die krag en die waarheid? Luister na die Baptiste, en hulle het dit alles. Luister na die Metodiste, en hulle het dit alles. Luister na die Kerk van Christus en almal is verkeerd behalwe hulle. Hoor wat die Pinksters sê en hulle het die volheid van die volheid. Nou hulle weet ek vertel die waarheid oor hulle, want nie een van hulle handboeke sê anders nie. Hulle het dit alles so mooi geskryf en hulle name daarop geplaas en dit voltooi. God het net nie meer nie. En daar is die wat net nie meer wil hê nie. Hulle glo nie in genesing nie en wil dit nie hê nie, alhoewel dit in die Woord is. Daar is die wat nie die Heilige Gees sal neem al sou God die hemele oopmaak en hulle 'n teken wys nie.

Nou hulle sê almal, en probeer bewys dat hulle dit alles het, of hulle het genoeg. Tog is dit die waarheid? Vergelyk hierdie twintigste eeu kerk met die eerste eeu kerk. Gaan voort. Doen dit. Waar is die krag? Waar is die liefde? Waar is die gereinigde kerk wat sonde teengestaan het en in geloof gewandel het nader aan Jesus? Waar is die eenheid? Jy kan dit nie vind nie. As hierdie kerk alles het wat nodig is, waarom het hulle uitgeroep vir meer van God in die Boek van Handeling asof hulle dit nie alles gehad het nie, en tog het hulle baie meer gehad as wat hulle vandag het?

### **God Se Diagnose**

Nou wat God gesien het was heeltemal verskillend van wat hulle gesê het hulle het. Hulle het gesê dat hulle ryk was in goedere en Geestelik welaf. Hulle het gearriveer. Hulle het aan niks behoefte gehad nie. Maar God het dit anders gesien. Hy het gesê: "Jy weet dit nie, maar jy is ellendig, beklaenswaardig, arm, blind, en nakend." Wanneer 'n mense so is, veral nakend en DIT NIE WEET NIE, moet daar iets verskriklik verkeerd wees. Sekerlik iets moes gebeur het. Is dit nie dat God hulle oë verblind het soos Hy het met die Jode nie? Gaan die Evangelie terug na die Jode toe? Is geskiedenis besig om homself te herhaal? Ek sê dit is.

God sê hierdie kerk van die Laodicensiese Eeu is "ellendig". Daardie woord kom van twee Griekse woorde wat beteken 'verduur' en 'beproeving.' En dit het niks te doen met die beproewing wat na 'n ware Christen kom nie, want God beskryf 'n Christen in beproewing as "geseënd" en sy houding een van vreugde waar die beskrywing is "ellendig en miserabel." Hoe vreemd. In hierdie eeu van baie, in hierdie eeu van vooruitgang, in hierdie eeu van oorvloed, hoe kan daar beproewing wees? Wel, dit is vreemd; maar in hierdie eeu van baie en geleentheid, wanneer almal soveel het en daar is soveel meer om te hê, wat met al die uitvindings om ons werk te doen en so baie dinge om ons plesier te gee, SKIELIK vind ons verstandelike geestesiektes wat so 'n tol eis om die nasie te waarsku. Wanneer almal bly behoort te wees, met regtig niks om ongelukkig oor te wees nie, miljoene neem tablette in die nag, energiepille in die oggend, jaag na dokters, gaan in inrigtings, en probeer onbekende angs te verdrink met alkohol.

Ja, hierdie eeu spog met sy geweldige winkels met wereldse goedere, maar die mense is minder gelukkig as ooit. Hierdie eeu spog met sy geestelike bekwaamhede, maar die mense is minder seker van hulleself as ooit. Hierdie eeu spog met beter morele waardes en dit is meer korrup as enige tydperk sedert die vloed. Dit praat oor sy kennis en wetenskap, maar dit veg 'n verlore stryd in alle opsigte, want die menslike verstand en siel en gees kan nie inneem of bybly met al die veranderinge wat op die aarde gekom het nie. In een geslag het ons al die pad gekom van die perd-en-kar-eeu tot by die ruimte-eeu, en ons is trots en spog daarmee; maar binnekant is 'n donker hol leegte wat uitroep in foltering, en SONDER 'N BEKENDE REDE faal mense se harte as gevolg van vrees en die wêreld het so verdonker dat



hierdie eeu die neurotiese eeu genoem kan word. Dit spog, maar dit kan dit nie rugsteun nie. Dit skree vrede, en daar is geen vrede nie. Dit skree dat dit 'n groot oorvloed van alle dinge het, maar dit hou aan brand met begeerte soos 'n ontevrede vuur! "Daar is geen vrede nie," sê my God aan die goddelose.

*"Hulle is ellendig."* Dit beteken dat hulle voorwerpe is om bejammer te word. Jammer kry? Hulle verafsku jammerte. Hulle is vol van trots. Hulle spog met wat hulle het. Maar wat hulle het, sal nie die toets van tyd deurstaan nie. Hulle het gebou op dryfsand eerder as die rots van die openbaring van God se Woord. Binnekort kom die aardbewing. Binnekort sal daar die storms van die toorn van God kom in oordeel. Dan kom vinnige verwoesting, en ten spyte van al hulle vleeslike voorbereiding sal hulle steeds onvoorbereid wees vir wat op die aarde kom. Hulle is die wat ten spyte van al hulle wêreldse pogings werklik teen hulleself is en dit nie weet nie. Voorwerpe van jammerte is hulle inderdaad. Kry die arme mense jammer wat in hierdie laaste dag ekumeniese beweging is, want hulle noem dit die beweging van God, wanneer dit van Satan is. Kry die jammer wat nie die vloek van organisasie ken nie. Kry die jammer wat soveel pragtige kerke het, sulke lieflike pastorieë, sulke pragtige opgeleide kore, so 'n vertoning van rykdom en so 'n rustige en eerbiedige vorm van aanbidding. Kry hulle jammer, beny hulle glad nie. Terug na die ou storgeboue, terug na die dofverligte kamers, terug na die kelders, terug na minder van die wêreld en meer van God. Bejammer hulle wat hulle groot aansprake maak en van hulle gawes praat. Voel vir hulle as voorwerpe van bejammering, want spoedig sal hulle voorwerpe van toorn wees.

*"Hulle is arm."* Nou natuurlik beteken dit Geestelik arm. Die teken van hierdie eeu soos dit afsluit, is groter en beter kerke, met meer en meer mense, met meer en meer manifestasie van wat veronderstel is om demonstrasies van die Heilige Gees te wees. Maar die vol altare, die gawes van die Gees in werking, die ongelooflike opkoms, is nie die antwoord van God nie, want diegene wat na die altare gekom het, bly selde om aan te gaan met God, en nadat die groot veldtogte verby is, waar is al die wat in die paadjies afgekom het? Hulle het 'n man gehoor, hulle het na 'n pleidooi geluister, hulle het in die net gekom, maar hulle was nie vis nie, net waterskilpaaie en kruip dan terug na hul eie waters.

Dan is daar al die praat oor die glossolalie—dit is veronderstel om die bewys te wees van die Doping van die Heilige Gees, en die mense dink dat ons in die midde van 'n groot herlewing is. Die herlewing is verby. Amerika het haar laaste kans gehad in 1957. Nou is tale praat God se teken van naderende rampe, net soos hulle was toe hulle verskyn het op die muur by Belsasar se fees. Weet julle nie dat baie in die laaste dag sal kom en sê: "Here, Here, het ons nie baie wonderlike werke gedoen in U Naam nie, selfs die uitdryf van duiwels?"

En Hy sal sê,

*"Gaan weg van My, julle wat ongeregtigheid werk. Ek het julle nooit geken nie."*

Mattheus 7:22-23.

Jesus het gesê hulle was werkers van ongeregtigheid. Tog, jy kry 'n man wat kan kom en bid vir die siekes, kry olie en bloed wat in die gemeente verskyn, profesie wat voortkom en alle vorms van die bonatuurlike, en die mense sal om hom vergader, en sweer dat hy van die Here is, alhoewel hy eintlik 'n geldophef maak van godsdiens en in sonde lewe. Die enigste antwoord wat hulle het, is die absolute onbybelse antwoord van "wel, hy kry resultate, so hy moet van God wees." Hoe vreeslik. Hoe werklik arm is hierdie tydperk in die Gees van God, en die arme verarmdes weet dit nie eens nie.

*"Julle is blind en nakend."* Nou dit is regtig desperaat. Hoe kan enigeen blind en nakend wees en dit nie weet nie? Tog sê dit dat hulle blind en nakend is en dit nie kan sien nie. Die antwoord is, hulle is geestelik blind, en geestelik nakend. Onthou julle toe Elisa en Gehási omring was deur die leër van die Siriërs? Onthou julle dat Elisa hulle met blindheid geslaan het deur die krag van God. Tog hulle oë was wawyd oop en hulle kon sien waar hulle gaan. Die blindheid was eienaardig daarin dit dat hulle sekere dinge kon sien, maar ander dinge soos Elisa en die dienskneg en die kamp van Israel kon hulle nie sien nie. Wat hierdie leër kon sien het hulle nie gebaat nie. Wat hulle nie gesien het nie, het hulle gevangenskap aangebring. Nou wat beteken dit vir ons? Dit beteken presies wat dit destyds daar in die aardse bediening van Jesus beteken het. Hy het probeer om hulle die waarheid te leer, maar hulle wou nie luister nie.

Johannes 9:40-41.

*"En die van die Fariseërs wat by Hom was, het dit gehoor en vir Hom gesê: Is ons ook dan blind?"*

*Jesus antwoord hulle: As julle blind was, sou julle geen sonde hê nie; maar nou sê julle: Ons sien! Daarom bly julle sonde."*

Die gesindheid van hierdie eeu is presies soos wat dit toe was. *Mense het dit alles. Hulle weet dit alles. Hulle kan nie geleer word nie. As 'n punt van waarheid van die Woord opkom en 'n man probeer om sy idee aan een te verduidelik met 'n teenoorgestelde siening, luister*

*die luisteraar glad nie om iets te leer nie, maar luister net om te weerlê wat gesê word. Nou ek wil julle 'n redelike vraag vra. Kan Skrif Skrif beveg? Weerspreek die Bybel die Bybel? Kan daar twee doktrines van die waarheid in die Woord wees wat die teenoorgestelde sê of die ander teenwerk? NEE. DIT KAN NIE SO WEES NIE. Tog hoeveel van God se mense het hulle oë oop vir daardie waarheid? Nie eens een persent nie, sover ek weet, het geleer dat ALLE Skrifte deur God gegee is en ALMAL is winsgewend vir doktrine, teregwyding, korreksie, ens. As alle Skrifte dus gegee is, dan sal elke vers ineenskakel as dit 'n kans gegee word. Maar hoeveel mense glo in voorbestemming tot uitverkiesing en verwerping tot vernietiging? Dié wat nie, sal hulle luister? Nee, hulle sal nie. Tog beide is in die Woord, en niks sal dit verander nie. Maar om te leer daaromtrent en die waarheid van daardie doktrines te herenig met ander waarhede wat lyk of dit teenwerk, hulle sal nie die tyd vat nie. Maar hulle stop hulle ore, en kners met hulle tande, en hulle verloor uit. Aan die einde van hierdie eeu sal 'n profeet kom, maar hulle sal blind wees vir alles wat hy doen en sê. Hulle is so seker hulle is reg, en in hulle blindheid sal hulle dit alles verloor.*

Nou God sê hulle is nakend sowel as blind. Ek kan my nie voorstel iets so tragies as 'n man wat blind is en nakend en dit nie weet nie. Daar is net een antwoord—hy het sy verstand verloor. Hy is alreeds diep in vergetelheid. Hy het sy verstand verloor, geestelike geheueverlies het begin. Wat anders kan dit beteken? Kan dit beteken dat die Heilige Gees weg is van hierdie laaste dag kerk? Kan dit beteken dat mense God uit hulle gedagtes gesit het tot so 'n mate dat dit selfs gebeur soos genoem word in Romeine 1:28.

*"En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkenenis te hou nie, het God hulle oorgegee aan 'n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie:*

Dit lyk sekerlik asof iets soos dit gebeur het. Hier is mense wat sê dat hulle van God is en God ken en Sy Heilige Gees het, en tog is hulle nakend en blind en weet dit nie. Hulle is ALREEDS MISLEI. HULLE HET DIE VERKEERDE GEES. DIE UITVERKIESDES KAN NIE MISLEI WORD NIE, MAAR DIT IS BEWYS DAT HIERDIE ANDER IS. Hierdie is hulle wat blind geword het omdat hulle die Woord van God geweier het. Hierdie is hulle wat hulleself naak gestroop het deur God se sorg en beskerming te los en hulle eie weg van verlossing gebou het, hulle eie toring van Babel deur organisasie.

O, hoe mooi en pragtige geklee is hulle in hulle eie oë soos hulle hul algemene vergaderings gevorm het, en hulle rade, ens. Maar nou stroop God dit alles weg en hulle is nakend, want hierdie organisasies het hulle in die laer van antichris gelei, in die veld van onkruid, reg tot by hulle binding en verbranding. Voorwerpe van jammerte inderdaad is hulle. Ja, bejammer hulle, waarsku hulle, smee hulle, en steeds gaan hulle hulle eie gang reguit na vernietiging, draai weg met toorn van enige en alle pogings om hulle te red as gemerk vir die verbranding. Ellendig inderdaad is hulle, maar hulle weet dit nie. Vereelt en verby hoop, hulle verheerlik in wat eintlik hulle skaamte is. Uitdagend teen die Woord, tog sal hulle eendag geoordeel word daardeur en die prys betaal van sy aaklige aanklagte.

### **Die Finale Raad Van Die Eeue**

Openbaring 3:18-19.

*"Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en self om jou oë te self, sodat jy kan sien.*

*Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek, Wees dan ywerig en bekeer jou."*

Die raad van God is bondig. Dit is tot die punt. Hy rig hierdie laaste dag kerk na een hoop. Daardie hoop is HOMSELF. Hy sê: "Kom na My en koop." Dit is duidelik van hierdie frase "koop van My" dat die Laodicensiese kerk glad nie handel met Jesus vir die Geestelike produkte van die Koninkryk van God nie. Hulle transaksies kan nie Geestelik wees nie. Hulle mag dink dat hulle Geestelik is, maar hoe kan hulle wees? Die werke in hulle midde is definitief nie soos Paulus sou sê nie: "God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na Sy welbehag." Filippense 2:13. So wat van al hierdie kerke, skole, hospitale, sendingondernemings, ens.? God is nie in hulle solank hulle denominasionele saad en gees is nie, en nie die Saad en Gees van God nie.

*"Koop van My goud gelouter in die vuur, dat jy ryk mag wees."*

Nou hierdie mense het baie goud gehad, maar dit was die verkeerde soort. Dit was daardie goud wat mense se lewens gekoop en hulle vernietig het. Dit was die goud wat menslike karakter krom getrek en verdraai het, want sy liefde was die wortel van alle kwaad.

Openbaring 18:1-14,

*"En na hierdie dinge het ek 'n engel sien neerdaal uit die hemel, met groot mag, en die*

*aarde is verlig deur sy heerlikheid.*

*En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls.*

*Omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid.*

*En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, My volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie.*

*Want haar sondes reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregthede onthou.*

*Vergeld haar soos sy ook julle vergeld het, en verdubbel dit vir haar volgens haar werke. Skink vir haar dubbel in die beker waarin sy geskink het.*

*Namate sy haarself verheerlik het en weelderig geleef het, na die mate moet julle haar pyniging en droefheid aandoen. Omdat sy in haar hart sê: Ek sit as koningin en is geen weduwee nie, en droefheid sal ek nooit sien nie -*

*daarom sal haar plaë op een dag kom: dood en droefheid en honger; en met vuur sal sy verbrand word, want sterk is die Here God wat haar oordeel.*

*En die konings van die aarde wat met haar gehoereer en weelderig geleef het, sal oor haar ween en oor haar weeklaag wanneer hulle die rook van haar verbranding sien,*

*terwyl hulle ver weg staan uit vrees vir haar pyniging en sê: Wee, wee jou, o groot stad Babilon, o sterk stad, want in een uur het jou oordeel gekom!*

*En die handelaars van die aarde sal ween en rou bedrywe oor haar, omdat niemand hulle koopware meer koop nie,*

*koopware van goud en silwer en edelgesteente en pêrels en fyn linne en purper en sy en skarlaken; en allerhande geurige hout en allerhande voorwerpe van ivoor en allerhande voorwerpe van die kosbaarste hout en van koper en yster en marmer,*

*en kaneel en reukwerk en salf en wierook en wyn en olyfolie en fynmeel en koring en grootvee en skape; en van perde en waens en slawe en mensesiele.*

*En die vrugte wat jou siel begeer, het van jou gewyk, en al die blinkende en die skitterende dinge het van jou gewyk, en jy sal dit nooit weer kry nie."*

Hierdie is presies die georganiseerde kerke van die laaste dag, want dit sê in vers 4: "Kom uit haar MY MENSE". Die wegraping het nog nie plaasgevind nie. Die bruid is nog nie weg wanneer hierdie vreeslike toestande in hierdie ryk, vals kerk bestaan nie.

Maar, daar is 'n goud van God. I Petrus 1:7.

*"sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlikheid by die openbaring van Jesus Christus;"*

Die goud van God is 'n Christelike karakter wat in die vuueroond van beproewing geproduseer word. Dit is die regte soort goud.

Maar watter soort goud het die kerk vandag? Dit het net die wêreldse goud wat sal vergaan. Dit is ryk. Dit is voldaan. Dit het welvaart die belangrikste kriterium van spiritualiteit gemaak. Die bewys van God se seëning en die korrektheid van doktrine, ens. is nou gebaseer op hoeveel ryk mense daarby betrokke is.

"Julle moet kom voor dit te laat is," sê die Here: "en koop van My goud gelouter in die vuur en dan sal julle waarlik ryk wees." Kry ons dit? Luister na my: "Nakend (fisies) het ons in die wêreld ingekom, maar nakend (geestelik) sal ons dit NIE verlaat nie." O nee, ons gaan iets saam met ons neem. Wat daardie iets is, is al wat ons kan vat, niks minder en niks meer nie. So ons beter nou baie versigtig wees om te sien dat ons iets sal neem wat ons reg voor God sal maak. So, dan, wat sal ons saam met ons vat? Ons sal ons KARAKTER vat, broer, dit is wat ons sal vat. Nou watter soort karakter sal jy saam met jou neem? Sal dit soos SYNE wees Wie se karakter gevorm is deur te ly in die vurige oond van beproewing, of sal dit die sagtheid wees van hierdie karakterlose Laodicensiese mense? Dit hang af van elkeen van ons, want in daardie dag sal elke mens sy eie las dra.

Nou, ek het gesê dat die stad van Laodicea 'n ryk stad was. Dit het goue geldstukke gemunt met inskripsies aan beide kante. Goue geldstukke karakteriseer die tydperk—'n voorspoedige handel het bestaan as gevolg daarvan. Vandag, is die twee-kop goudstuk by ons. Ons koop ons self uit en ons koop ons self in. In die kerk probeer ons dieselfde doen. Ons koop onself uit sonde en koop ons self in die hemel in—of so sê ons. Maar God sê nie dit nie.

Die kerk besit sulke fenominale rykdom, dat op enige tydskop kan sy die hele wêreldstelsel van handel oorneem, en inderdaad 'n leier in die Wêreldraad van Kerke het openlik geprofeteer dat die kerk in die afsienbare toekoms sou, kon, en sal net dit doen. Maar hulle goue toring van Babel sal val. Slegs die goud wat in die vuur gelouter is, sal standhou.

En dit is wat die kerk die heelyd gedoen het deur die eeue. Sy het die Woord van God gelos en haar eie geloofsbelydenisse en dogmas geneem; sy het georganiseer en haarself by die wêreld aangesluit. Daarom is sy nakend, en God oordeel haar wellus. Die enigste manier wat sy uit hierdie vreeslike situasie kan kom is deur die Here te gehoorsaam en om terug te kom na Sy Woord.

Openbaring 18:4,

*"Gaan uit haar uit, My volk."*

II Korinthiërs 6:14-18.

*"Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis?"*

*En watter ooreenstemming het Christus met Belial, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige?"*

*Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.*

*Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem;*

*en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige."*

Daar is 'n prys om te betaal vir daardie klere, en dit is die prys van skeiding.

"En salf jou oë met oogsalf dat jy mag sien."

Hy sê nie dat jy hierdie oogsalf moet koop nie. O nee. Daar is geen prys op die Heilige Gees nie.

*"Dit alleen wil ek van julle weet: het julle die Gees ontvang uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof?"*

Galásiërs 3:2.

Sonder die Doping van die Heilige Gees kan jy nooit jou oë geopen hê vir 'n ware Geestelike openbaring van die Woord nie. 'n Man sonder die Gees is blind vir God en Sy waarheid.

Wanneer ek dink aan hierdie oogsalf wat mense se oë oopmaak, kan ek nie help om te dink aan toe ek 'n seuntjie in Kentucky was nie. My broer en ek het in die solder op 'n strooibed geslaap. Die krake in die huis het die koue laat deurkom. Soms in die winter het dit so koud geword dat ons sou wakker word in die oggend met sulke koue in ons oë dat ons oë styf toegeswel was met inflammasie. Ons sou uitroep na mamma, en sy sou opkom met warm wasbeer ghries en ons oë vryf totdat die harde stukke weg was, en dan kon ons sien.

Julle weet daar is 'n paar verskriklike strome van lug wat dryf oor die kerk in hierdie geslag, en ek is bevrees haar oë het soort van gevries en sy is blind vir wat God vir haar het. Sy het warm olie van die Gees van God nodig om haar oë oop te maak. Tensy sy die Gees van God ontvang, sal sy voortgaan om programme vir krag te vervang en geloofsbelydenis vir Woord. Sy tel getalle vir sukses, eerder as om vrugte te soek. Die doktors van teologie het die deur tot geloof toegemaak en almal verbied om in te gaan. Hulle gaan nie in nie, nog laat hulle enigiemand anders ingaan. Hulle teologie kom uit 'n teksboek oor sielkunde, geskryf deur een of ander ongelowige. Daar is 'n teksboek oor sielkunde, een wat ons almal nodig het; dit is die Bybel. Dit is geskryf deur God en bevat God se sielkunde. Jy het geen dokter nodig om dit vir jou te verduidelik nie. Ontvang die Heilige Gees en laat Hom die verduideliking doen. Hy het die Boek geskryf en Hy kan jou sê wat daarin is en wat dit beteken.

I Korinthiers 2:9-16,

*"maar soos geskrywe is: Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet.*

*Maar God het dit aan ons deur Sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God.*

*Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God.*

*Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het.*

*Daarvan spreek ons ook, nie met woorde wat die menslike wysheid leer nie, maar met wat die Heilige Gees leer, sodat ons geestelike dinge met geestelike vergelyk.*

*Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word. Maar die geestelike mens beoordeel wel alle dinge; self egter word hy deur niemand beoordeel nie.*

*Want wie het die sin van die Here geken, dat hy Hom sou kan onderrig? Maar ons het die sin van Christus."*

Nou as al die dinge wat die Gees teen hierdie tydperk uitroep waar is, dan het ons iemand nodig om op die toneel te verskyn soos wat Johannes die Doper het en die kerk uitdaag soos nooit tevore nie. En dit is presies wat gaan kom in ons eeu. 'n Ander Johannes die Doper gaan kom en hy sal uitroep presies soos die eerste voorganger gedoen het. Ons weet dat hy sal vanweë wat die volgende vers sê.

*"Almal wat ek liefhet, bestraf en tugtig Ek, Wees dan ywerig en bekeer jou."*

Openbaring 3:19.

Hierdie is dieselfde boodskap wat Johannes gehad het soos hy uitgeroep het in daardie godsdienstige wildernis van Fariseërs, Sadduseërs, en heidene: "BEKEER JULLE!" Daar was toe geen ander koers nie; daar is nou geen ander koers nie. Daar was geen ander manier om terug te kom na God toe nie, en daar is geen ander manier nou nie. Dit is BEKEER. Verander jou denke. Draai om. BEKEER julle, want hoekom sal julle sterwe?

Laat ons die eerste frase ondersoek: "soveel as wat Ek liefhet". In die Grieks is die nadruk op die persoonlike voornaamwoord: "Ek". Hy sê nie soos so baie sal voel Hy moet sê, "soveel as wat MY lief het". Nee meneer. Ons moet nooit probeer om Jesus die VOORWERP van menslike liefde in hierdie vers te maak nie. Nee! Dit is die BAIE wat die GELIEFDES van God is. Dit is SY liefde, wat bevraagteken word, NIE ons s'n NIE.

So weereens vind ons onself verheerlik in Sy verlossing, Sy doel en Sy plan, en ons is bevestig selfs sterker in die waarheid van die doktrine van die Soewereïenheid van God. Net soos Hy gesê het in Romeine 9:13. "Jakob het ek liefgehad." Beteken dit nou dat omdat Hy SLEGS die BAIE liefgehad het, is Hy daarom in 'n toestand van selfvoldaanheid, en wag op die liefde van diegene wat nie na Hom toe gekom het nie. Geensins is dit so nie, want Hy het ook in Romeine 9:13 verklaar: "Esau het ek gehaat." En in vers 11 roep die Gees uit: "Want toe die kinders nog nie gebore was en nog geen goed of kwaad gedoen het nie, DAT DIE VOORNEME VAN GOD VOLGENS DIE VERKIESING KON BLY STAAN, nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep." Hierdie liefde is "Gekose Liefde". Dit is Sy liefde vir Sy uitverkorenes. En Sy liefde vir hulle is apart van MENSLIKE VERDIENSTE, want dit sê dat die doel van God staan in uitverkiesing wat presies teenoorgestelde is van werke of enigiets wat mens in homself het. Omdat "VOOR DIE KINDERS GEBORE IS" het Hy ALREEDS gesê: "Jakob het ek liefgehad, maar Esau het ek gehaat."

En nou sê Hy vir Sy eie: "Soveel as wat ek liefhet, "BESTRAF EN TUGTIG EK." Om te bestraf is om te berispe. Om te berispe is om 'bloot te stel met die oog op korreksie.' Tugtig beteken nie om te straf nie. Dit beteken om te "dissiplineer omdat die onderwerp se wysiging in gedagte is."

Hierdie is presies wat ons in Hebreërs 12:5-11 vind,

*"En julle het die vermaning heeltemal vergeet wat tot julle as seuns spreek: My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraf word nie;*

*want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem.*

*As julle die tugtiging verdra, behandel God julle as seuns; want watter seun is daar wat*

*die vader nie tugtig nie?*

*Maar as julle sonder tugtiging is, wat almal deelagtig geword het, dan is julle onegte kinders en nie seuns nie.*

*Verder, ons het ons vaders na die vlees as kastyders gehad, en ons het vir hulle ontsag gehad; moet ons nie veel meer aan die Vader van die geeste onderworpe wees en lewe nie?*

*Want hulle het ons wel 'n kort tydjie na hulle beste wete getugtig; maar Hy tot ons beswil, sodat ons sy heiligheid kan deelagtig word.*

*Nou lyk elke tugtiging of dit op die oomblik nie 'n saak van blydschap is nie, maar van droefheid; later lewer dit egter 'n vreugdevolle vrug van geregtigheid vir die wat daardeur geoefen is."*

Hierin word nou die liefde van God uiteengesit. Hy het in liefde 'n familie van Sy eie begeer, 'n familie van seuns—seuns soos Homself. Daar voor Hom lê die hele mensdom soos EEN bol klei. Uit daardie selfde bol sal Hy nou houers maak tot eer en tot oneer. Die VERKIESING sal Sy eie keuse wees. Dan sal daardie uitverkorenes, gebore uit Sy Gees, opgelei word om aan Sy beeld te voldoen. Hy BESTRAF met alle lankmoedigheid en sagmoedigheid en genade. Hy TUGTIG met spykerdeurboorde hande. Soms moet hierdie Pottebakker die houer neem waarop Hy werk en dit deeglik afbreek sodat Hy dit kan oormak presies soos Hy dit begeer. MAAR DIT IS LIEFDE. DIT IS SY LIEFDE. 'N ANDER MANIER VAN SY LIEFDE IS DAAR NIE. DAAR KAN NIE WEES NIE.

O, klein kudde, moenie vrees nie. Hierdie eeu is vinnig besig om af te sluit. As dit gebeur sal daardie onkruid gebind word, en soos 'n drievoudige draad nie maklik gebreek word nie, sal hulle 'n geweldige drievoudige krag hê van politieke, fisiese, en geestelike (satanistiese) krag, en hulle sal soek om die bruid van Christus te vernietig. Sy sal ly, maar sy sal verduur. Vrees nie daardie dinge wat op die aarde kom nie, omdat Hy "Wat sy eie mense liefgehad het, hulle liefgehad het tot die einde toe." Johannes 13:1.

"Wees ywerig en bekeer julle." Nou hierdie vals kerk het ywer; maak nie 'n fout daaromtrent nie. Haar ywer was letterlik soos die van die Jode,

Johannes 2:17,

*"Die ywer vir u huis het my verteer."*

Maar dit is 'n verkeerde ywer. Dit is vir die huis wat hulle self gebou het. Dit is vir hulle eie geloofsbelofte, dogmas, organisasies, hulle eie geregtigheid. Hulle het die Woord uitgesit vir hul eie idees. Hulle het die Heilige Gees weggesit en mense leiers gemaak. Hulle het Ewige Lewe opsy gesit as 'n Persoon, en dit goeie werke gemaak, of selfs kerklike gelykvormigheid eerder as goeie werke.

Maar God roep vir 'n ander ywer. Dit is die ywer om te huil "EK IS VERKEERD." Nou wie gaan sê dat hy verkeerd is? Wat is dit waarop al hierdie denominasies gebaseer is? — die aanspraak op oorspronklikheid, en dit van God, — die eis dat hulle reg is. Nou hulle ALMAL kan nie reg wees nie. Inteendeel NIE EEN van hulle is reg nie. Hulle is afgewitte grafkelders, vol van dooie mense se bene. Hulle het geen lewe nie. Hulle het geen bevestiging nie. God het Homself nooit in enige organisasie bekend gemaak nie. Hulle sê hulle is reg omdat hulle diegene is wat dit sê, maar deur dit te sê maak dit nie so nie. Hulle het die bevestiging nodig "So spreek die Here" van God, en hulle het dit nie.

Nou laat ek dit hier sê. Ek glo nie dat God slegs na die vals kerk roep om te bekeer nie. In hierdie vers praat Hy met Sy uitverkorenes. Hulle het ook nodig om te bekeer. Baie van Sy kinders is steeds in daardie vals kerke. Hulle is die van wie daar in Efésiërs 5:14 gepraat word: "Ontwaak, jy wat slaap, en staan op uit die dode, en Christus sal oor jou skyn. Om aan die slaap te wees is nie om dood te wees nie. Hierdie slaap tussen die dooies. Hulle is daar buite in die dooie denominasies. Hulle dobber saam met hulle. God skree uit: "WORD WAKKER!" Bekeer van julle dwaasheid." Hier is hulle, hulle leen hulle invloed uit, gee hulle tyd en hulle geld, eintlik hulle einste lewens vir hierdie antichris organisasies, en dink heelyd dit is reg. Hulle het nodig om te bekeer. Hulle moet berou hê. Hulle het nodig om 'n verandering van gees te hê en te draai na waarheid.

Ja, hierdie is die eeu waar die meeste nodig het om te bekeer. Maar sal dit? Sal dit die Woord terugbring? Sal dit weer die Heilige Gees op die troon plaas in mense se lewens? Sal dit weer Jesus vereer as die ENIGSTE Verlosser? Ek sê nee, want die volgende vers openbaar die verbasende en skokkende waarheid van die afsluiting van hierdie eeu.

### **Christus Buite Die Kerk**

Openbaring 3:20-22,

*"Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.*

*Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op My troon, soos Ek ook oorwin het en saam met My Vader op Sy troon gaan sit het.*

*Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê."*

Nou daar is 'n groot mate van verwarring oor hierdie vers omdat soveel persoonlike werkers dit gebruik in persoonlike evangelisasie asof Jesus by die hart se deur sou klop van elke sondaar om in te kom. Dit sou dan gesê word dat as die sondaar die deur oopmaak, dat die Here sou inkom. Maar hierdie vers praat nie met individuele sondaars nie. Hierdie hele boodskap het 'n opsomming soos elke boodskap in elke eeu. In vers 22 sê dit: "Hy wat 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees sê aan die KERKE." So hierdie is die boodskap aan die kerk van die laaste eeu. Hierdie is die toestand van die Laodicensiese kerk soos sy einde naderkom. Dit is nie 'n persoonlike boodskap aan een persoon nie; dit is die Gees wat vir ons sê waar Jesus is. CHRISTUS HET DIE KERK VERLAAT.

Is dit nie die logiese resultaat of einde as die Woord opsy gesit word vir geloofsbelydenis, die Heilige Gees getuig vir pouse, biskoppe, presidente, raadgewers, ens., en die Verlosser eenkant gesit vir 'n werkprogram, of kerkaansluiting, of een of ander soort van gelykvormigheid tot 'n kerksisteem? Wat meer kan teen Hom gedoen word? Hierdie is die afvalligheid! Hierdie is die wegval! Hierdie is die oop deur na antichris, want as Een in Sy Vader se Naam gekom het (Jesus) en nie ontvang is nie, maar verwerp, dan sal daar 'n ander kom met sy eie naam (leuenaar, 'n voorgeër) en hom sal hulle ontvang, Johannes 5:43. Die man van sonde, daardie seun van verderf sal oorneem.

Mattheus 24 noem tekens in die hemele wat hierdie laaste dag betref net voor Jesus kom. Ek wonder of julle so 'n teken opgemerk het onlangs om die einste waarheid te wys wat ons bespreek het. Daardie waarheid is dat Jesus stadigaan eenkant toe gestoot is tot in die laaste eeu wanneer Hy uitgedruk word buite die kerk. Onthou dat in die eerste eeu was dit amper 'n volwaardige kerk van waarheid. Tog daar was 'n foutjie genaamd die aktes van die Nikolaiëte wat gemaak het dat die sirkel nie vol was nie. Toe in die volgende eeu het meer donkerte ingekruip tot die bal van lig minder geskyn het, en duisternis meer van die sirkel bedek het. In die derde eeu was dit steeds meer verduister, en in die vierde eeu wat die Donker Eeue was, het die lig amper heeltemal weggegaan.

Nou dink hieroor. Die kerk skyn in die gereflekteerde lig van Christus. Hy is die SON. Die kerk is die MAAN. So die bol van lig is die maan. Dit het verminder van omtrent 'n volle maan in die eerste eeu, na 'n splinter in die vierde eeu. Maar in die vyfde eeu het dit begin groei. In die sesde het dit 'n groot tree van groei vooruit gegee. In 'n deel van die sewende eeu het dit steeds gegroei, toe skielik het dit gestop, en afgeneem tot byna niks, sodat in plaas van lig was dit die donkerte van afvalligheid, en aan die einde van die eeu het dit opgehou om te skyn want duisternis het oorgevat. Christus was nou buite die kerk.

Hier is die teken in die lug. Die laaste verduistering van die maan was 'n totale verduistering. Dit het afgeneem tot 'n totale duisternis in sewe stadiums. In die sewende stadium het die totale duisternis gekom toe die Pous van Rome (Paul die Sesde) na Palestina gegaan het om 'n heilige toer deur Jerusalem te doen. Hy was die eerste pous wat ooit na Jerusalem gegaan het. Die pous word Paulus die Sesde genoem. Paulus was die eerste boodskapper en hierdie man was daardie naam genoem. Let op dit is die sesde, of die getal van die mens. Hierdie is meer as per toeval. En toe hy na Jerusalem gegaan het, het die maan van die kerk in totale duisternis gegaan. Dit is dit. Hierdie is die einde. Hierdie geslag sal nie verbygaan voordat alles vervul is nie. Eweneens so Here Jesus, kom vinnig!

Nou kan ons sien waarom daar twee wingerdstokke was, een ware en een vals. Nou kan ons sien waarom Abraham twee seuns gehad het, een na die vlees (wat Isak vervolg het) en een na belofte. Nou kan ons sien hoe uit dieselfde ouers twee seuns na vore gekom het as tweeling, een wat weet en die dinge van God liefhet, en die ander wat weet van dieselfde waarheid, maar nie van dieselfde Gees nie, en daarom die kind wat uitgekies was, vervolg het. God het nie verwerp ter wille van verwerping nie. Hy het verwerp vir die ontwil van die uitverkorene. UITVERKORENE KAN NIE uitverkorene vervolg nie. UITVERKORENE KAN NIE uitverkorene skade aandoen nie. Dit is die goddeloses wat die uitverkorenes vervolg en vernietig. O, daardie goddeloses is godsdienstig. Hulle is slim. Hulle is van die Kain lyn, die slang se saad. Hulle bou hulle Babels, hulle bou hulle stede, hulle bou hulle ryke, en roep die hele tyd God aan. Hulle haat die ware saad, en hulle sal alles doen wat hulle kan, (selfs in die Naam van die Here) om God se uitverkorenes te vernietig. Maar hulle is nodig. "Wat is die kaf van die koring?" Geen kaf, geen koring. Maar aan die einde, wat gebeur met die kaf? Dit word gebrand met onblusbare vuur. En die koring? Waar is dit? Dit is versamel in Sy skuur. Dit is waar Hy is.

O, uitverkorene van God, pasop. Studeer aandagtig. Wees versigtig. Werk julle verlossing uit met vrees en bewing. Maak staat op God en wees sterk in Sy mag. Jou vyand, die duiwel, gaan selfs nou rond soos 'n brullende leeu wat soek wie hy kan verslind. Waak deur gebed en wees standvastig. Hierdie

is die eindtyd. Beide die ware en vals wingerdstok kom tot rypheid, maar voor die koring volwasse word, moet daardie ryp onkruid gebind word vir die verbranding. Kyk, hulle almal sluit aan by die Wêreld Raad van Kerke. Dit is die binding. Binnekort sal die bymeekaarmaak van die koring kom. Maar reg nou werk die twee geeste in twee wingerdstokke. Kom uit tussen die onkruid. Begin om te oorwin sodat jy prysenswaardig beskou mag word vir jou Here, en geskik om te heers en met Hom te heers.

### Die Oorwinnaar Se Troon

Openbaring 3:21,

*"Aan hom wat oorwin sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met My Vader op sy troon gaan sit het."*

Nou wat moet ons oorwin? Dit is die normale vraag om hier te vra. Maar dit is nie die werklike gedagte van hierdie vers nie, want dit is nie soveel WAT ons moet oorkom nie, maar HOE ons moet oorkom. Nou dit is logies, want maak dit baie saak WAT ons moet oorkom solank ons weet HOE ons kan oorkom?

'n Vinnige kyk na daardie Skrifte wat toepassing het op die Here Jesus wat oorkom sal die waarheid van hierdie voorstel uitbring. In Mattheus 4, waarin Jesus versoek word deur die duivel, het Hy die persoonlike versoekings van Satan oorwin deur die Woord, en deur die Woord alleen. In elkeen van die drie groot beproewings wat presies ooreenstem met die versoeking by die tuin van Eden, die begeerlikheid van die vlees, die begeerlikheid van die oog, en die hoogmoed van die lewe, het Jesus oorkom deur die Woord. Eva het geval deur die persoonlike versoeking van Satan deur te faal om die Woord te gebruik. Adam het geval in direkte ongehoorsaamheid aan die Woord. Maar Jesus het oorkom deur die Woord. En reg nou, laat ek sê dat dit die enigste manier is om 'n oorwinnaar te wees, ook is dit die enigste manier wat jy kan weet of jy oorwin, omdat daardie Woord NIE KAN faal NIE.

Nou let weer op hoe Jesus die wêreldstelsels van godsdiens oorwin het. Toe Hy herhaalde kere deur die teoloë van Sy dag getreiter is, het Hy heeldyd die Woord toegepas. Hy het net gesê wat die Vader Hom gegee het om te sê. Daar was nie 'n tyd wat die wêreld nie totaal verwar was met Sy wysheid nie, want dit was die wysheid van God.

In sy eie persoonlike lewe, met Homself gestry, Hy het oorkom deur gehoorsaamheid aan die Woord van God.

In Hebreërs 5:7 sê dit,

*"Hy wat in die dae van sy vlees gebede en smeking met sterk geroep en trane aan Hom geoffer het wat Hom uit die dood kon red, en ook verhoor is uit die ang -*

*Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het;*

*en nadat Hy volmaak is, het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, 'n bewerker van ewige saligheid geword."*

Waarin was Hy gehoorsaam? Die Woord van God.

Nou dan, daar sal nie een persoon wees wat in die troon van die Here Jesus Christus sal sit nie behalwe as hy daardie Woord gelewe het. Jou gebede, jou vastye, jou belydenis—maak nie saak wat jy God bied nie—niks van dit sal jou die voorreg gee om in daardie troon te sit nie. Dit sal slegs toegestaan word aan die WOORD Bruid. Soos die troon van die koning met die koningin gedeel word omdat sy met hom verenig is, so sal slegs hulle wat van daardie Woord is selfs soos Hy van daardie Woord is, daardie troon deel.

Onthou, ons het duidelik deur die eeue gewys dat selfs soos Adam en Eva geval het omdat hulle die Woord verlaat het, so het die Efésiese Eeu geval deur effens te draai van die Woord, tot elke eeu aangehou het om weg te draai en ons 'n finale verwerping van die Woord deur die Wereld Kerksisteem het. Hierdie Laodicensiese Eeu eindig in 'n verduistering van die Woord, en daardeur veroorsaak dit die vertrek van die Here van die midde. Hy staan buite en roep Sy eie wie Hom sal volg deur gehoorsaamheid aan die Woord. Na 'n kort en magtige demonstrasie van die Gees, sal hierdie klein gejagte en vervolgte groep gaan om by Jesus te wees.

### Die Voleinding Van Die Heidense Eeue

Hierdie eeu is die laaste van die sewe kerkeue. Wat begin het in die eerste of Efésiese Eeu, moet en sal tot volle rypwording kom en oes in die laaste of Laodicensiese Eeu. Die twee wingerdstokke sal hulle finale vrugte gee. Die twee geeste sal hulle manifestasie eindig in elkeen van hulle finale bestemmings. Die saai, die water, die groei is alles verby. Somer is beëindig. Die sekel is nou ingedruk in die oes.



In verse 15 tot 18 wat ons pas bestudeer het, lê die ware prent van die ryp vals wingerdstok, vals gees, vals kerkgangers. *"Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat jy louwarm is en nie koud of warm nie, sal ek jou uit My mond spuug. Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm is en blind en naak is nie. Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en self om jou oe te self, sodat jy kan sien."* Geen woorde het ooit 'n meer bitter veroordeling uitgespel nie, en geen trotse en arrogante mense het dit ooit meer verdien nie.

Tog in vers 21,

*"Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met My Vader op Sy troon gaan sit het."*

Ons vind die ware wingerdstok, ware Gees, ware Kerkmense verhoog tot die einste troon van God met die hoogste kompliment wat ooit betaal is aan 'n nederige, standvastige Geestelike groep.

Die woorde van Johannes die Doper wat so akkuraat uiteengesit het die Christus in die verhouding tot die ware en vals kerk, word nou vervul.

Mattheus 3:11-12,

*"Ek doop julle wel met water tot bekering; maar Hy wat na my kom, is sterker as ek, wie se skoene ek nie waardig is om aan te dra nie. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur."*

*Sy skop is in sy hand, en Hy sal Sy dorsvloer deur en deur skoonmaak en Sy koring in die skuur saambring, maar die kaf sal Hy met onuitbluslike vuur verbrand."*

Christus, die Groot Stroper, oes nou die vrugte van die aarde. Hy maak die koring bymekaar in die skuur en kom vir Sy eie en ontvang hulle vir Homself vir ewig. Dan keer Hy terug om die bose te vernietig met onuitblusbare vuur.

Die verborgenhede van die onkruid en koring van Matthéüs 13:24-30, is nou ook vervul.

*"'n Ander gelykenis het Hy hulle voorgehou en gesê: Die koninkryk van die hemele is soos 'n man wat goeie saad in sy land gesaai het."*

*maar terwyl die mense slaap, het sy vyand gekom en onkruid onder die koring gesaai en weggegaan.*

*En toe die spruitjies opgeskiet en vrug gevorm het, toe verskyn die onkruid ook.*

*En die diensknegte van die huisheer het gekom en vir hom gesê: Meneer, het u dan nie goeie saad in u land gesaai nie? Waar kry dit dan die onkruid vandaan?*

*En hy antwoord hulle: 'n Vyandige mens het dit gedoen. Toe sê die diensknegte vir hom: Wil u dan hê dat ons dit moet gaan bymekaarmaak?*

*Maar hy antwoord: Nee, dat julle nie miskien, as julle die onkruid bymekaarmaak, die koring daarmee saam uittrek nie.*

*Laat altwee saam groei tot die oes toe, en in die oestyd sal ek vir die maaiers sê: Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die koring bymekaar in my skuur."*

Die koring en die onkruid, wat van die eerste eeu tot nou saam gegroei het sy aan sy, word geoes. Wat Nicaea uit was om te volbring, het uiteindelik gebeur. Met al die mag van organisasie draai die vals kerk weg van enige oorblyfsel van waarheid en met politieke mag versterk sy haarself met staatsondersteuning en beoog om uit te roei vir ewig, die ware gelowige. Maar net wanneer sy op die punt is om haar lafhartige plot te vervul, word die koring bymekaar gemaak in die skuur. Die koring en onkruid sal nie langer sy aan sy groei nie. Die onkruid sal nie langer van die seëning van God ontvang as gevolg van die teenwoordigheid van die koring nie, want die koring sal weg wees en die toorn van God sal uitgestort word in die sesde seël wat sal eindig in die algehele verwoesting van die bose.

Nou ek het 'n oomblik gelede gesê dat die vals wynstok in volle vrug gekom het in hierdie eeu. Haar vrugte sal volwasse en ryp word. Dit is korrek. Hierdie bose-gees kerk, vol van ongeregtheid, sal geopenbaar word as die mosterdsaad wat 'n boom geword het waarin die voëls van die lug bly. Aan haar hoof sal die antichris wees, die verborgenheid van die ongeregtheid. Al dit is waar. En as dit waar is, dan moet dit ook waar wees dat die Bruid Kerk volwasse sal word, en haar ryphed sal 'n identifikasie

wees met haar Here deur die Woord, en haar Hoof Wie na haar sal kom, is die Geheim van goddelikheid, Wat inderdaad Christus is. En soos die vals kerk met alle listige en diaboliese krag wat bestaan uit politieke mag, fisiese mag en duiwels van die duisternis wat teen hierdie ware wynstok kom, die ware wynstok met die volheid van die Gees en die Woord sal die einste dade van krag doen soos wat Jesus gedoen het. Dan soos sy haar Hoofsteen nader, soos Hy word deur die Woord, sal Jesus kom dat die Bruid en Bruidegom vir ewig verenig kan wees as een.

Alreeds kan die sigbare manifestasies van wat ek julle vertel het, gesien word oral om ons. Die ekumeniese beweging van die onkruid is 'n feit. Maar dit is ook 'n feit dat die profeet vir die laaste eeu 'n boodskap moet bring van God wat die tweede koms van die Here sal voorafgaan, want deur sy boodskap sal die harte van die kinders terugdraai na die Pinkster vaders, en met die herstel van die Woord sal die herstel van die krag kom.

Watter belangrike tye is hierdie waarin ons lewe. Hoe versigtig moet ons wees dat ons getrou aan hierdie Woord bly en nie daaruit vat of daarby voeg nie, want hy wat sou spreek waar God nie gespreek het nie, maak Hom 'n leuenaar. Wat ek spesifiek in gedagte het is dit: Omtrent met die draai van die eeu het die honger vir God wat begin was in die Filadelfiese Eeu, 'n uitroep vir die Gees van God gebring. En toe die uitroep deur God geantwoord is en die manifestasies in tale gestuur is, interpretasies en profesie, het 'n groep onmiddellik, en mees teenstrydig met die Woord, 'n leerstelling opgestel dat tale die bewys was van doping met die Heilige Gees. Tale was ver van bewys. Hulle was manifestasie, maar nie bewys nie. Die valsheid van die doktrine kan nie net gesien word deur 'n gebrek aan Skrif om dit te bewys nie, maar diegene wat die doktrine onderskryf het, het onmiddellik georganiseer op die basis van die doktrine, wat bewys dat hulle nie in die waarheid was soos wat hulle mense laat glo het nie. O, dit het goed gelyk. Dit het gelyk soos die terugkeer van Pinkster. Maar dit het bewys dit was nie. Dit kon nie wees nie, want dit het georganiseer. Dit is dood, nie lewe nie. Dit het so baie gelyk na die waarheid dat menigtes mislei is.

Nou as dit nie die egte was nie, wat was dit? Dit was die doppie, die kaf. In die groen, sagte skedevorm het gelyk of dit die ware ding was. Maar soos mens in die veld kan ingaan en kyk hoe dit presies lyk soos koring en tog is dit net die doppie, (want die koring saad het nog nie gevorm nie) so dit was maar die sagte dop wat gelyk het soos die ware graan wat moet kom. Die oorspronklike koringsaad van Pinkster moes in die laaste eeu terugkom. Dit was by Nicaea begrawe. Dit het 'n loot opgestuur by Sardis. Dit het 'n baard gegroei in Philadelphia, en dit moes ryp word in Laodicea. Maar dit kon nie terug na die oorspronklike nie totdat die Woord herstel is. Die profeet het nog nie op die toneel verskyn nie. Maar nou volgens die tyd waar ons staan in die Laodicensiese Eeu, die 'Profeet-boodskapper' van Openbaring 10:7 moet alreeds in die land wees. Weereens "So spreek die Here" moet hier wees, gereed om gemanifesteer te word met onfeilbare bevestiging. Dus is die Ware Saad alreeds ryp, en DAN DIE OES.

Oestyd. Ja, oestyd. Die twee wingerdstokke wat saam gegroei en hulle takke inmekaar gegroei het, moet nou geskei word. Die vrugte van daardie stokke wat so verskillend is, sal versamel word in twee aparte skure. Die twee geeste sal na hulle aparte destinasies gaan. Nou dit is tyd om ag te gee aan die finale roep wat kom net vir die Koring Bruid, 'Kom uit haar, My mense, dat julle nie deelgenote van haar sondes is nie, en dat julle (koring) nie haar (onkruid) plaë ontvang nie (die groot verdrukking van die sesde seël en Mattheüs 24).

### **Die Laaste Waarskuwing Van Die Gees**

Openbaring 3:22,

*"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê."*

Hierdie is die LAASTE waarskuwing. Daar sal nie nog een wees nie. Die troonkamer is ingerig. Die twaalf fundamente is gelê. Die strate van goud is geplavei. Die hekke van enorme pêrels is opgelig en gehang. Soos 'n piramide staan sy so mooi en glorieryk. Die hemelse wesens wat haar voorberei het kyk asemloos, want sy gloei en skyn met 'n heerlijkheid wat onaards is. Elke faset van haar skoonheid vertel 'n storie van ongelooflike genade en Jesus se liefde. Sy is 'n stad voorberei vir 'n voorbereide mense. Sy wag net vir haar inwoners, en spoedig sal hulle haar strate toestroom met vreugde. Ja, dit is die laaste roep. Die Gees sal nie in 'n ander eeu praat nie. Die eeue is verby.

Maar dank God, op hierdie oomblik is hierdie eeu nie verby nie. Hy roep nog uit. En Sy uitroep is nie net in die geestelike ore van mense deur Sy Gees nie, maar weereens 'n profeet is in die land. Weereens sal God die waarheid openbaar soos Hy aan Paulus gedoen het. In die dae van die sewende boodskapper, in die dae van die Laodicensiese Eeu, sal sy boodskapper die verborgenhede van God openbaar soos aan Paulus. Hy sal spreek en die wat daardie profeet in sy eie naam ontvang, sal die voordeel trek van daardie profeet se bediening. En hulle wat hom hoor sal geseënd wees en deel word van daardie bruid van die laaste dag wat in Openbaring 22:17 genoem word.

*"En die Gees en die bruid sê:"*

Die koring (die Bruid Koring) wat in die grond geval het by Nicaea het weer teruggekom na oorspronklike Woord Graan. Prys God vir ewig. Ja, luister na die bekragtigde profeet van God wat in hierdie laaste eeu verskyn. Wat hy sê van God, sal die bruid sê. Die Gees en die profeet en die bruid sal dieselfde ding sê. En wat hulle sal sê, sal alreeds in die Woord gesê wees. Hulle sê dit nou: "Kom uit tussen haar nou en wees julle apart." Die uitroep het uitgegaan. Die uitroep gaan uit. Hoe lank sal die stem uitroep? Ons weet nie, maar een ding weet ons wel, dit sal nie lank wees nie, want dit is die laaste eeu.

Hy wat 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Die Gees het gespreek. Die ondergaande son is omtrent reg om te vervaag in ewigheid vir die kerkeue. Dan sal dit alles verby wees. Dan sal dit te laat wees om te kom. Maar as God iewers in hierdie reeks met jou gedeel het deur Sy Gees, mag jy selfs nou na Hom draai in bekering en jou lewe aan Hom gee dat deur Sy Gees Hy jou ewige lewe mag gee.



[www.messagehub.info](http://www.messagehub.info)

Preke Gelewer Deur

**William Marrion Branham**

"... in die dae van die stem ..." Openb. 10:7